

A38



ISBN 09583071-5-8

*Vryheids-
reeks 1*

SELFBESKIKKING *en* SESESSIE

**DIE SAAK VIR DIE
AFRIKANERVOLK**

AWG RAATH

19 MAY 1993
A

A38

[38]

195

Vryheidsreeks 1

**SELFBESKIKKING EN SESESSIE:
DIE SAAK VIR DIE AFRIKANERVOLK**

Prof AWG Raath

Die Afrikanervryheidstigting

19 MAY 1966
A

SDZ

Selfbeskikking en sesessie: Die saak vir die Afrikaner Prof AWG Raath
Uitgegee deur Die Afrikanervryheidstigting
Geset in 10/11 pt Helvetica deur Gesin-VANDENBERG, Valhalla.
Gedruk en gebind deur Volkswagdrukkeery
Omslagontwerp: Rina Coetzee
Eerste uitgawe, eerste druk 1990
ISBN 0-9583071-5-6

©Die Afrikanervryheidstigting

Alle regte voorbehou, geen gedeelte van hierdie boek mag gereproduseer word op enige manier, meganies of elektronies, insluitende plaat- en bandopnames en fotokopiëring, sonder die skriftelike toestemming van die uitgewer nie, behalwe redelike aanhalings vir navorsings- en resensiedoelindes.

Opedra aan prof HG Stoker wat voor die Tweede Vryheidstryd van die Afrikaner gebore is en later selfs sy vryheid in die stryd moes inboet (sy bydrae sal nooit vergeet word nie) en prof CWH Boshoff wat die verguising van die goddelose tydsgees moet trotseer om die saak vir ons volk te stel; u bydrae staal ons vir die stryd!

19 MAY 1993

A

503

VOORWOORD

Uit alle oorde verneem 'n mens deesdae dat die onderhandelingsstafel gedek is en dat die toekoms van Suid-Afrika, sowel staatkundig as polities, daar rigtinggewend beslis gaan word. Dit is ook opmerklik dat die huidige politieke debat in Suid-Afrika grootliks oorheers word deur die ver-linkse rewolusionêre liberalistiese opvattinge van 'n nie-rassige eenheidstaat onder swart meerderheidsregering, sonder dat kultuur- of beskawingsverskille hoegenaamd konstitusioneel en polities verreken sal word. Dit is teen hierdie agtergrond wat 'n mens met verbystering kennis neem van die feit dat daar wêreldwyd 'n sterk beweging ten gunste van die politieke selfbeskikkingsreg van volkere en volkere se reg op sesessie is, maar dat hierdie stemme nooit in Suid-Afrika gehoor word nie. Die rede hiervoor moet kennelik in die bedenklige rol van die rewolusionêre Nasionale Party-regering van die dag en sy karakterlose handperde soos Nasionale Pers en die Afrikaner Broederbond gesoek word, wat geen steen onaangeroer laat om deur disinformasie 'n verslae Afrikanervolk na die afgrond van politieke en kulturele volksmoord te lei nie.

Dit is egter ook met diepe dank en waardering dat ons volk staan onder die leiding en die onvermoeide ywer van prof CWH Boshoff, dr AP Treurnicht en ander Afrikanervolksgenote, om die saak vir 'n soewereine en onafhanklike politieke en staatkundige toekoms vir die Afrikanervolk te stel.

In hierdie twee hoofstukke word die posisie in die internasionale reg met betrekking tot die selfbeskikkingsreg van volkere en die voorwaardes vir die uitoefening van die reg op sesessie ondersoek. Die resultaat is verrykend en insiggewend; selfs voor die hoogste geregshowe in die wêreld het ons 'n saak vir die vryheid van die Afrikanervolk in 'n eie soewereine onafhanklike vaderland. Die resultaat is eenvoudig: Ons het 'n saak; kom ons gaan stel dit met mening!

'n Besondere woord van dank aan prof SA Strauss is gepas vir sy medewerking aan hoofstuk 1 van hierdie publikasie.

Die opbrengs van hierdie publikasie word met dank in diens van die vryheid van ons volk gestel.

19 MAY 1993

A

AWG Raath

Bloemfontein 25.08.1990

V

1993 MAY 19

504

DIE SELFBESKIKKINGSREG VAN VOLKERE

1 INLEIDING

(a) Wanneer daar van die staatkundige vryheid van die Afrikanervolk gepraat word, moet ons onder andere op die volgende aspekte let, naamlik dat:

(i) Die hele samelewing nie slegs uit individue bestaan nie, soos wat die humanistiese individualisme te kenne gee nie, maar ook uit groepe, oftewel sosiale kringe van mense, wat 'n eie selfstandige bestaan, identiteit en regte het.

(ii) In die Suid-Afrikaanse samelewing bestaan daar sulke groot en uiteenlopende kultuur- en beskawingsverskille tussen volkere en volksgroepe dat die juridiese belange van hierdie groepe nie in een staats- of regsorde in 'n hoëre regseenheid geïntegreer sal kan word nie.¹

(iii) Alvorens die voorgestelde handves van menseregte in 'n Suid-Afrikaanse eenheidstaat, gebaseer op 'n een-mens-een-stem-bedeling, toegepas sal kan word, behoort die reg van *selfbeskikking van volkere* erken te word.

Dit beteken dat vir die Afrikanervolk (en ander volkere) in Suid-Afrika die reg

¹ Die aandag word hier in besonder gevestig op die artikel van prof DFM Strauss "Koningsmense en Beskawingsongelykes: 'n Herwaardering van Menseregte" in *Tydskrif vir Regswetenskap* Jrg 1, No 2 Oktober 1976, pp. 165-185, op p. 180: "Wanneer 'n moderne, ontwikkelde regstaat egter op sy territorium te make het met primitiewe stamme (soos in Suid-Afrika), moet hy naas sy tipiese juridiese integreringstaak (nl die handhawing van ewewig en harmonie in die gedifferensieerde veelheid van regbelange - publiekregtelike en burgerlik privaatregtelik) ook oorgaan tot die nie-tipiese owerheidstaak van algemene beskawingsopheffing (hetsy by wyse van eventuele integrasie of, indien integrasie verswelging en beskawingsverval sal bewerkstellig, by wyse van eventuele staatkundige onafhanklikheid)". Ook moet verwys word na die uitsprake van prof HJ Strauss, bekende staatsleerteoretikus en afgetrede hoogleraar van die UOVS, oor die onaanvaarbare grondslae van die humanisties-geïnspireerde menseregte-eise in terme waarvan kultuur- en beskawingsverskille tussen volke ontken word, in *Riglyne*, VCHO-blad Jrg 3, no. 1, pp 1-2, op p.2: "So kom die humanisme *individualisties* en *liberalisties* tot sy leerstuk van die gelykheid van alle mense - die humanistiese *demokratisme*. In die humanisties-demokratiese samelewing geld dus 'n verabsoluteerde gelykberegtiging van alle individu-soewereine, sonder inagneming van beskawingsverskille (volkeverskeidenheid) of beskawingspeilverskille (beskaafdes en onbeskaafdes).

Daarom, wie deur die bril van die moderne ongelooft se individualisme (enkeling-verheerliking), liberalisme (vryheidsaanbidding) en demokratisme (gelykheidsverabsolutering) na die mensdom kyk, sien in sy gedagtebeeld net die optelsom van volkome vrye en gelyke individue - 'n blote massa enkelinge, sonder volkseie of beskawingskenmerke, sonder erfenis of volkse bindinge, en natuurlik ook totaal gestroop van alle gesagsverhoudinge. In die gryse massabeeld van die moderne ongelooft is daar dus geen teken van volkdereverskille te bespeur nie, en by ook geen erkenning van 'n onderskeid tussen Christelike beskaafdheid en ongelowige onbeskaafdheid ens nie. Nee, alle lewensgrense is in vryheids- en gelykheidswaan doodgeverf".

19 MAY 1993

A

op sesessie of staatkundige afskeiding in so 'n handves erken moet word. Dit is geen vreemde gedagte nie omdat die Russiese Parlement, volgens onlangse radioberigte, tans besig is om 'n wetsontwerp voor te berei wat die Sowjet-Republiek in staat sal stel om op grond van volks- en ander oorwegings onder bepaalde voorwaardes van die Sowjet-Unie af te skei en hulle staatkundige selfstandigheid te verkry.

Waar groot godsdiens-, kultuur- en beskawingsverskille tussen volkere binne dieselfde staatsorde voorkom en daar nie vir die staatkundige selfbeskikking van hierdie groepe voorsiening gemaak word nie, dra dit die kiem van eindelose magstryd en politieke konflik in hom om.

Dit beteken dus dat die onlangse voorgestelde handves van menseregte ener syds slegs in 'n staatsorde wat kultureel- en beskawingsmatig redelik homogeen is, toegepas sal kan word. Andersyds beteken dit dat voordat hierdie voorgestelde handves in Suid-Afrika toegepas sal kan word, daar een sinvolle politieke hervorming sal moet plaasvind. Dit behels dat daardie volks- en bevolkingsgroepe wat dit verkies, eers die geleentheid moet kry om te besluit of hulle deel van die gemeenskaplike Suid-Afrika wil wees en of hulle hulle reg tot sesessie wil uitoefen voordat die voorgestelde handves toegepas sal kan word.

Vanaf 1961 het 'n reeks state deur sesessie in Suidelike-Afrika op die grondslag van die reg van selfbeskikking van volkere tot stand gekom. Hierdie publikasie pleit eweneens vir 'n nasionale staat vir die Afrikanervolk in hierdie land, sowel as vir die reg van politieke selfbeskikking van enige ander volk in hierdie land wat dit begeer.

Die heersende spanning en konflik in Beiroet is 'n sprekende voorbeeld van wat gebeur wanneer uiteenlopende kultuur- en godsdiensstige verskille op staatkundige gebied ontken word en gepoog word om alle regsbelange van onderdane in die staat, ongeag kultuur- of beskawingsverskille, gedwonge te integreer.

(b) In dit wat hierna volg pleit ons by instansies wat hulleself vir die handhawing van menseregte beywer om die reg van die Afrikanervolk op sy eie staatkundige vryheid onvoorwaardelik te erken en te help verwesenlik.

(c) Graag wil ons ook daarop wys dat die uitgangspunt onderliggend aan hierdie voorlegging totaal verskil van die benadering wat die regering met sy een-mens-een-stem-benadering in 'n geïntegreerde staatsorde beoog. Ons vra egter die ernstige oorweging hiervan, omdat die herlewing van die nasionale aspirasies van volkere 'n wêreldwye verskynsel is en wat by die ontkenning daarvan tot eindelose stryd, spanning en geweld kan lei.

1.2 Definieer die groep, minderheid of volk wat op beskerming geregtig is?

1.2.1 Inleidend

Dat die individu 'n bepaalde status en rol in die regsorde speel het die humanistiese individualisme oorbeklemtoon,² soveel so dat die bekende Nederlandse staatsreggeleerde G Groen van Prinsterer in sy bekende werk *Ongeloof en Revolusie* van die effek van die Franse Rewolusie en die aandrang op die regte van vryheid en gelykheid van alle mense in die egalitaristiese en liberalistiese sin kon verklaar:

"I would have you notice one point in particular. Just as all truth rests upon the truth that is from God, so the common foundation of all rights and duties lies in the sovereignty of God. When that Sovereignty is lost, when God is denied or (what amounts to the same thing), banished to heaven because His kingdom is not of this world, what becomes then of the fountain of authority, of law, of every sacred and dutiful relation in state, society and family? What sanction remains for the distinctions of rank and station in life? What reason can there be that I obey and another commands? That the one is needy, the other rich? All this is custom, routine, abuse, injustice, oppression. There can be, despite all social diversities, no real difference among men. Eliminate God, and it can no longer be denied that all men are, in the revolutionary sense of the words free and equal. State and society disintegrate, for there is a principle of dissolution at work that does not cease to operate until all further division is frustrated by that indivisible unit, that isolated human being, the individual - a term of the Revolution's naively expressive of its all - destructive character. What do you suppose former generations would have thought of a political nomenclature in which man, the creature of Gods image, would by preference be referred to as an individual? Yet the designation is correct. The state is dissolved into a multitude of indivisible particles, of atoms, so that the state may be formed - like the world according to that familiar system of Epicurus - 'from the chance concurrence of atoms'".³

2. Besonder insiggewend is die volgende werke van G Groen van Prinsterer, bekende Nederlandse staatsfilosoof, in hierdie verband waarin hy ook op die mistastings van die individualisme wys: *Nederlandsche Gedachten*, 1ste Reeks, dli: *Ongeloof en Revolusie; Adviezen* (5 dele); *Narede van vijfjarige strijd; Verspreide Geschriften; Grondwetherziening en eensgezindheid; Nederlandsche Gedachten*, 2de Reeks, *Handboek; Ter gedachtenis van Stahl; Parlementaire Studien en Schetsen*; Aan G Graaf Schimmelpenninck. Ook die werk van HG Stoker *Die Stryd om die Ordes*, Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerk, Potchefstroom, 1941, pp. 16 et seq is besonder belangrik.
3. Leiden, Sen J Luchtman, 1847, soos vertaal deur H van Dyke en Donald Morton in *Unbelief in Religion and Politics* lectures eight and nine from *Unbelief and Revolution* A Series of Lectures in History the Groen van Prinsterer Fund 1975. Amsterdam, pp.42-43

506⁸

19 MAY 1968
A

Groen van Prinsterer het juis sy kritiek gerig teen die rewolusionêre pogings om die volksidentiteit uit te wis en die hele samelewing tot blote individuele komponente af te takel. Van Groen van Prinsterer se standpunte in hierdie verband verklaar H Smitskamp:

"Een staatkundige schema, dat men overal maar toe kan passen en dat voor elk volk geschikt is, bestaan alleen in de verbeelding van de revolutionaire plannenmakers. Een natie is immers niet maar een 'zielencijfer', een verzameling van toevallig, bij elkaar geraakte individuen, maar een voortbrengsel van de historische ontwikkeling, waarin zij haar eigen, van alle andere volken onderscheiden karakter heeft verkregen".⁴

Groen van Prinsterer verklaar immers self:

"Geen natie is vrij, wanneer ze niet overeenkomstig de grondtrekken van het historisch Volksbestaan geregeerd wordt".⁵

Benewens individue in die regsorde bestaan daar dus ook volksgroepe met 'n eie indentiteit, karakter en eie aard. In verskeie publikasies het die bekende filosoof, prof HG Stoker, die aard en struktuur van die volksverband ondersoek. Besonder insiggewend in hierdie verband is veral sy *Die stryd om die Ordes*,⁶ "*Afrikaanse Volkswording en Suid-Afrikaanse Nasievorming*"⁷ en "Calvinisme as Wortel van ons Volksbestaan."⁸ In sy bekende ere-professorale intrede "Die Aard en die Rol van die Reg - 'n Wysgerige Besinning"⁹ onderskei Stoker ook die besondere status van die volk as samelewingskring en die menseregte wat met hierdie status gepaard gaan. As uitgangspunt verklaar hy:

"This inquiry into the jural realm - ie into human rights, jural norms (eg principles and laws) and the jural order - relates this realm to the divinely ordained status or office (and its function) of man in cosmic reality; this status pertains to both individuals and social bodies (eg communities and societies) and their mutual relatedness".¹⁰

Voorts verklaar Stoker:

"In conclusion this study deals with the difference as well as the relationship between the state's participation in the jural realm and the participation therein of *individuals and other social bodies*".¹¹

4 *Wat heeft Groen van Prinsterer Ons Vandag te Zeggen?*, DA Daamen's Uitgeversmaatschappij NV 'S-Gravenhage, 1945, pp 93,94
5 Aanhaling van Groen van Prinsterer in Smitskamp *ibid* p.94.
6 *Sien voeloot* 2 hierbo.
7 *In Koers*, 1954, p.237 *et seq.*
8 *In Koers*, 1952, p.152, p.165 *et seq.*
9 Publikasiereeks van die RAU A36, Johannesburg, 1970, Summary *et seq.*
10 *ibid* Summary.
11 *Idem*.

Volgens Stoker is die volksverband so 'n "social body" wat op gelyke vlak met individue in die regsverkeer oor fundamentele "menseregte" beskik. Aldus verklaar hy:

"Wat menseregte betref, stel ons vooraf slegs dat elke mens voorwetenskaplik kan sê: 'dit is my reg' of 'dit is sy reg', maar ook elke samelewingskring bv 'n huwelik, 'n gesin, 'n volk, 'n staat, 'n kerk, 'n industrie, 'n universiteit of 'n sportvereniging, kan sê: 'dit is my reg'.¹²

Volgens Stoker word die orde wat die reg bepaal vir die bestaansmoontlikheid en roepingsvervulling en daarmee die vryheid van die hele samelewing vereis. Wat byvoorbeeld die gesin betref, kan die regsorde van die gesin onderskei word met die status, aanstelling van vader as vader en sy regte, van moeder as moeder en haar regte, ensovoorts. Volgens Stoker is dit *mutatis mutandis* ook die geval met die status- en funksie- of doel-, dit wil sê regsorde wat met en tussen vriend en vriend, eggenoot en eggenote, staat en volk, volk en volk ensovoorts, gegee is.¹³

1.2.2 *Wat is die aard en struktuur van die volksverband wat oor fundamentele regte beskik?*

Dikwels word blootweg verklaar dat die volksverband geen regte het nie, omdat dit nie oor 'n eie gesagstruktuur geskik nie. In hierdie verband verwys ek veral na die opmerkings van LM du Plessis van Stellenbosch in 'n artikel "Vryheid en Gesagsverskeidenheid",¹⁴ waarin hy tot die konklusie kom dat alhoewel 'n volk 'n samelewingskring van mense is, dit geen verbandstruktuur besit nie. Hierdie konklusie bereik Du Plessis sonder dat hy enigins 'n genuanseerde ondersoek na die aard en struktuur van die volksverband gedoen het. In die boek *Volk en Kerk 'n Bespreking van Enkele Aspekte van Kerk en Samelewing*¹⁵ wat aan die begin van 1990 verskyn het, ondersoek AWG Raath¹⁶ die aard en struktuur van die volksverband en kom tot die volgende gevolgtrekkings:

(a) Die volksverband is een van die primêre sosiale kringe, soos die huwelik, gesin, staat en die kerk primêre samelewingskringe is.

12 *Ibid*, p.9

13 *Ibid*, p.26

14 In *De Jure*, 1987, pp 100-122.

15 NG Kerkboekhandel, 1989

16 Vir ander publikasies deur hom oor die aard van die volksverband sien ook "'n Calvinistiese blik op volk en nasie" in *Die Kerkbode*, 2 Julie 1986, p.6. Sy sieninge sluit aan by die standpunte van onder andere HJ Strauss *Christelik-Nasionaal en CNO*, 1972, p.11 *et seq.*, PJ Strauss "Nog eens Abraham Kuyper, Ras en Volk en Suid-Afrika" in *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 1984, p.91; PAE Hoffman "Volksverbondenheid" in *Roeping en Riglyne*, Desember 1987, p.9; JD du Toit (Totius) "Die Godsdienstige Grondslag van ons Rasbeleid" (Referaat gelewer op die Volkskongres op Die Rasbeleid), 1944, p.51; PJ Meyer "Die Reëling van die Christen Afrikaner in ons Tyd" in *Bulletin van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van Christelike Wetenskap*, Julie 1968, pp 119-145 en "Totius", pp 198-214

507

(b) Die modaal-leidende (rigtinggewende) funksie van die volk is die sedelike (etiese); in besonder die gemeenskaplike liefde vir die handhawing van die kultuurgoedere van die betrokke volksverband.

(c) Die modaal-funderende aspek van die volk is die biotiese; te wete die gemeenskaplike bloeds- of afstammingsverband tussen volksgenote.

(d) Dinamies-struktureel is die taak en bestemming van die volksverband, die handhawing van die gemeenskaplike kulturele erbesit van die betrokke volksverband.

(e) Horisontaal-idiostant kom die struktuur van die volksverband in die betrokke gesagsverhoudinge binne die betrokke volksverband na vore. So sterk is hierdie etiese gesagsverhoudinge dat dit selfs die plek van die juridiese gesagsbande wat in die staat mag bestaan, kan inneem. Aldus het die betrokke volksleiers die wetgewende, uitvoerende en regsprekende gesag uitgeoefen terwyl die groot groep Afrikaners die Groot Trek meegemaak het en daar nog geen staatlike gesagstrukture bestaan het nie.

(f) Die gemeenskaplike kulturele erbesit van die volksverband sluit ook in die opvattinge met betrekking tot die staat en die reg, omdat dit ook as sodanig kultuurprodukte is. Daar is dus geen moontlikheid van 'n kultuur-neutrale regs- en staatsorde nie.

(g) Daar bestaan 'n besonder noue band tussen volk en staat as samelewingskring. In bepaalde opsigte gaan die volk aan die staatsverband vooraf. Nêrens in die wêreld is 'n voorbeeld te bedink waar 'n staat tot stand gekom het bloot deur die saamgroepering van 'n aantal individue in 'n staats- en regsorde nie. Waar state wel tot stand gekom het, het dit geskied deurdat 'n volk of volkere hulle op 'n bepaalde grondgebied gevestig het.

In die deel met die titel "Die Aard van die Volksverband" uit die reeds genoemde werk *Volk en Kerk - 'n Bespreking van Enkele Aspekte van Kerk en Samelewing* word eksplisiet daarop gewys dat die erkenning van die bestaan van volksverbande met 'n eie aard en struktuur nie noodwendig die uitvloeisel van volksabsolutistiese opvattinge is nie, maar erkenning verleen aan die ryke verskeidenheid individuele strukture wat in die skeppingsorde bestaan. Ander syds word hiermee ook die volksrelativisme van die humanistiese individualisme eksplisiet verwerp.

Samevattend sou ons dus kan sê dat die volksverband 'n samelewingskring van mense is wat horisontale, vertikale, dinamiese en aksiale struktuurmente vertoon; 'n samelewingskring van mense wat op grond van die biotiese afstammingsverwantskap tussen volksgenote¹⁷ die gemeenskaplike liefde vir die gemeenskaplike kulturele erbesit van die onderskeie volkslede handhaaf en uitbou.

17 Sien hieroor HJ Strauss *Christelik-Nasionaal en CNO supra*, 11 *et seq.* en PJ Strauss "Nogeens Abraham Kuyper, *Ras en Volk en Suid-Afrika*" *supra* p.91 *et seq.*

Hierdie volksverband het in beginsel die reg op die handhawing van sy eie identiteit en selfbeskikking.¹⁸ In bepaalde opsigte sou die reg op selfbeskikking as die mees fundamentele reg van die volksverband beskryf kan word.

Hierdie siening van die aard van die volksverband sluit ook aan by een van die definisies van volk wat in die verrigtinge van UNESCO na vore kom. Volgens die definisie word 'n volk met 'n bepaalde kultuur geïdentifiseer, naamlik diegene wat 'n gemeenskaplike kulturele erbesit deel. Vernon van Dyke¹⁹ aanvaar op grond hiervan dat:

"a culture is distinguished by such characteristics as language, religion, and race, and more broadly by shared attitudes, customs, and traditions. To qualify as a people, those sharing a culture should think of themselves as collectively possessing an enduring separate identity, and they are likely to be predominantly of common descent".²⁰

Die tweede definisie wat van tyd tot tyd voorkom, identifiseer die volk met die nasieverband, te wete die inwoners van 'n politieke entiteit wat 'n mate van internasionale status geniet - dit is naamlik die inwoners van 'n soewereine staat of van 'n onafhanklike gebied.²¹ Hierdie definisie duik van tyd tot tyd op in verklarings dat die reg van volkere op die handhawing van hulle kultuurbesit 'n reg is wat met soewereiniteit gepaard gaan.²²

Ons omskrywing hierbo vind grootliks ook aansluiting by die internasionaal bekende skrywer Francesco Capotorti wat kulturele, oftewel volksminderheidsgroepe, definieer as:

"a group numerically inferior to the rest of the population of a state, in a non-dominant position, whose members - being nationals of the state - possess ethnic, religious, or linguistic characteristics differing from those of the population and show, if only implicitly, a sense of solidarity, directed toward preserving their culture, traditions, religion or language".²³

18 Sien hieroor ook H Booyesen *Die Aanslag teen Selfbeskikking in die RSA*, HAUM, Kaapstad, 1981, pp.37-44.

19 "The Cultural Rights of Peoples" in *Human Rights Quarterly*, Vol 2, April-June 1980, pp. 1-21 op p.1.

20 *Ibid*, pp.2-3. Sien ook hier die belangrike werke van Yoram Dinstein "Collective Human Rights of Peoples and Minorities" in *International and Comparative Law Quarterly* 25 (January 1976), pp. 104-105; United Nations, Economic and Social Council, Commission on Human Rights, Sub-Commission on Prevention of Discrimination and Protection of Minorities, Draft Convention on the Elimination of All forms of Religious Intolerance (5 January 1965), E/CN. 4 Sub 2/404, vol 1 para 267-279. Vir die definisie van "a people", sien Ribin M Williams, Jr, *Strangers Next Door* (England Cliffs, NJ Prentice Hall, 1964), p. 18. Vir die betekenis van Kultuur, sien Michel Leiris, *Race and Culture* (Paris: UNESCO, 1958) pp 21-22.

21 Sien Van Dyke, *ibid*, p.3 *et seq.*

22 Hierdie beskouing is egter onwerkbaar waar verskillende volkere met groot kultuur- en beskawingsverskille dieselfde grondgebied deel.

23 Francesco Capotorti Study of the Rights of Persons Belonging to Ethnic Religion and Linguistic Minorities, United Nations Economic and Social Council, E/CN 4/Sub 2/384/Add

19 MAY 1993

A

Tereg wys Van Dyke daarop dat 'n volk nie noodwendig 'n minderheidsgroep is nie.²⁴

Die vraag is voorts wat met die regte van volkere op selfbeskikking bedoel word.²⁵ Die benadering van Van Dyke met betrekking tot die vraag wat 'n reg is, kan in die algemeen onderskryf word, te wete

"a morally justified claim, a need, or an interest justifying a presumption that it ought to be satisfied or enjoyed unless there are compelling reasons to the contrary".²⁶

Voorts is die voorbehoud wat hy vooropstel **belangrik** om in gedagte te hou:

"As the last of these definitional phrases suggests, rights as a rule are not absolute. They may conflict with each other, forcing judgement about priorities or adjustments. It follows that the

5 p. 7. Die klem wat hier op die afstammingsverband en die gemeenskaplike kultuur geplaas word, word ook deur DC du Toit "Die Ontwikkeling van 'n Moderne Volksgroepereg in die Suid-Afrikaanse Staatsreg", Memorandum en Argumentshoofde voorgelê aan die Kommissie van Onderzoek oor die Grondwet, November 1979, onderskryf waar hy verklaar: "Tussen staat en volk, bestaan daar 'n grondliggende struktuurverskil. Van die verskeidenheid moontlike gebruike van die term "volk" het ons tans ingedagte die een van volk as *afstammings- spraak- en kultuurgemeenskap* ('ethnos')". Voorts verklaar hy van die beginselgrondslag waarop die bestaan van volkere aldus onderskei kan word: "Die begrip van volk as afstammings- en kultuurgemeenskap, as *ens sociale*, kan in die reg aangewend word en vorm die afspringplek vir die ontwikkeling van 'n volksgroepereg. As *ens sociale* is die volksgroep nie afhanklik van die toevaligheid van staatsgrense nie. Die volk is in die skeppingsplan van God een van die pilare van die mensegeslag of mensegemeenskap in die wye sin van die woord. Behalwe dat volk in hierdie sin 'n afstammingsgemeenskap is, besit dit ook geestelike elemente, wat dikwels deur taal gekenmerk word, maar dit ook kan uitdruk in godsdiens (vgl die Indiërs), geskiedenis of rassedifferensiasie (vgl die Kleurlinge)". Voorts kan ook gewys word op die definisie van RM Burkey "Discrimination and racial relations" Report on the International Research Conference on Race Relations, Aspen Colorado, 7-9 June 1970, p.62: "Ethnic groups may be defined as people who conceive of themselves as one kind by virtue of the common ancestry (real or imagined) who are united by emotional bonds, a common culture and by concern with the preservation of the group". In 'n latere stuk "Toeliggings Memorandum en Argumentshoofde insake die Ontwikkeling van 'n Moderne Volksgroepereg in die Suid-Afrikaanse Staatsreg, Getuienis voor die Presidentsraad, 1981-09-02, p.2, verklaar DC du Toit voorts: "Dit behoort duidelik te wees dat die bedoelde drie groepe (Blankes, Kleurlinge en Indiërs), nie as volke beskou kan word nie (wel by die Afrikaners of die Griekwas). By volke is die gedagte gewoonlik een van 'n afstammingsverwantskap tesame met sekere ander faktore soos taal, godsdiens, geskiedenis en dies meer. Met van die term volksgroepe, word iets anders aangedui Die klem val op die wortel, "groepe". Daarmee word die gemeenskapsgedagte van die groepe uitgedruk. Daar moet 'n sekere mate van bewustheid by die volksgroep teenwoordig wees dat dit tot 'n gemeenskap behoort maar die groepskarakter word hoofsaaklik bepaal deur historiese faktore, soos wat daar ten aansien van die betrokke drie groepe ten oorvloede in die Suid-Afrikaanse geskiedenis teenwoordig is". Op *ibid*, p.3 verklaar hy dat die vrye keuse van individu hierin 'n belangrike rol speel en dat dit naas die objektiewe kriteria hierbo genoem 'n rol speel. "Die subjektiewe element behels, dat die individu sy groep kan kies deur subjektiewe wilsuiting". Dit is egter onseker of Du Toit nog hierdie standpunt handhaaf.

24 Op *cit*, p.3.

25 Dit staan soos 'n paal bo water dat naas individuele regte ook volksgroeperegte erken moet word. Aldus verklaar Du Toit in die werke hierbo vermeld: "Daar is 'n belangrike verskil tussen individuele regte en kollektiewe regte. Algemene konstitusionele voorsiening dat daar geen diskriminasie mag geskied op grond van ras, kleur, taal of godsdiens, nie, kan nie gekonstrueer word as 'n erkenning van etniese, religieuse of taalgroepe se regte nie. Kollektiewe menseregte kom die individu toe op 'n kommunale wyse, dit wil sê in assosiasie met ander in 'n groep. Hierdie regte behoort ook deur die groep gesamentlik uitgeoefen te kan word deur middel van groepsorgane ..." (Memorandum 1981-09-02 p.3).

26 Op *cit* p.3.

measures that can justly be taken to implement a right must be limited by due respect for the other rights that may be adversely affected".²⁷

1.3 Die regte van die volksverband wat beskerm moet word

1.3.1 Internasionale erkenning aan die regte van volkere

Die fundamentele reg op selfbeskikking van volkere sluit onder andere in die reg op die handhawing van die eiesoortige kultuurbesit van die betrokke volksgroep. In sy bekende artikel "The Cultural Rights of Peoples" verklaar Vernon van Dyke:

"In the last few decades, assertions of another right have begun to appear: the right of peoples to preserve their culture. Perhaps it is better to say that a right implicit in the right to self-determination is being made explicit".

Volgens die *Internasionale Handves van Burgerlike en Politieke Regte* sluit die reg van volkere op selfbeskikking die reg in om vryelik hulle ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling na te streef.²⁸

Die fundamentele reg van volkere om hulle kulturele erbesit te bewaar en te ontwikkel kom in 'n verskeidenheid internasionale regsbepalings voor. Ons vind byvoorbeeld erkenning hiervan in die resolusies van die Algemene Konferensie (General Conference) van UNESCO - sowel in die Declaration of the Principles of International Cultural Co-operation van 1966 as in die Declaration of Guiding Principles on the Use of Satellite Broadcasting van 1972.²⁹ Voorts kom dit by herhaling voor in die verrigtinge van die United Nations Committee on the Peaceful Uses of Outer Space. Ook het die World Conference to Combat Racism and Racial Discrimination in 1978 hierdie reg ten aansien van "inheemse volkere" erken.³⁰ Die Amerikaanse Indiërs het hulle op hierdie reg beroep³¹ en president Richard Nixon het in beginsel erkenning aan hierdie reg verleen.³² 'n Segsman van die VSA het hom op hierdie reg beroep met betrekking tot die opstel van 'n internasionale konvensie oor

27 *Idem*.

28 International Covenant on Civil and Political Rights, art 1.

29 UNESCO General Conference Resolution 14C/Res 8.1, *Declaration of the Principles of International Cultural Co-operation* 4 November 1966; UNESCO General Conference Resolution 17C/Res 4.111 *Declaration of Guiding Principles on the Use of Satellite Broadcasting*, 15 November 1972.

30 Objective Justice 10 (Autumn 1978) p.30

31 Vine Deloria, Jr *Behind the Trail of Broken Treaties* (New York Dell 1974) p.262; Alvin M Josephy red, *Red Power: The American Indians Fight for Freedom* (New York American Heritage Press 1971) p.49

32 Richard Nixon *Public Papers of the Presidents of the United States*, Office of the Federal Registrar Washington DC, National Archives and Record Service, 1971 p.214.

19 MAY 1983

A

15

509

rasse-diskriminasie en verklaar dat "all forms of discrimination which deprived an ethnic group of the means of continuing its culture" 'n misdryf ingevolge die konvensie gemaak moet word.³³

Die *Covenant on Civil Political Rights* verwys wat kultuur betref nie slegs na die reg van volkere op selfbeskikking nie maar ook na die selfbeskikking van persone wat tot etniese geloofs- of taalminderheidsgroepe behoort. Dit verklaar dat sodanige persone "in community with the other members of their group" nie die reg ontnem sal word nie "to enjoy their own culture, to profess and practice their own religion, or to use their own language." Die *Minority Rights Group* finansier 'n internasionale konvensie wat verklaar dat "national or ethnic groups or minorities having the character of entities possess the inalienable right to their own ethnic and cultural identity ..."³⁴

By die handhawing van die reg tot selfbeskikking van volkere is dit belangrik om na spesifieke metodes van beskerming van volksgroepsregte te kyk en die wyses hoe hierdie metodes enersyds die regte van individue raak, en andersyds die regte van verskeie kollektiewe entiteite, insluitend die staat, affekteer. Binne die bestek van hierdie studie is dit onmoontlik om op al hierdie aspekte in te gaan. Vir hierdie doel sal daar slegs na volksgroepsregte en die beskerming van die reg op selfbeskikking van volkere, met besondere verwysing na die situasie in Suid-Afrika, gekyk word.

1.3.2 *Die reg op selfbeskikking van volkere, selfregering en politieke deelname*
Eksplisiet verklaar Van Dyke dat die reg op selfbeskikking, en gevolglik die reg om beleidsrigtings te volg wat gerig is op die beskerming van 'n bepaalde volkskultuur, meer effektief is in gevalle waar volkere hulleself soewerein regeer.³⁵ Voorts verklaar Van Dyke:

"Moreover, in the case of peoples comprising the populations of overseas dependencies, it is everywhere agreed that their right of selfdetermination is a right to become sovereign if they wish".³⁶

Die wesentliche probleme ontstaan egter waar volkere dele van 'n kultureel-heterogene bevolking van 'n staat - byvoorbeeld Suid-Afrika - uitmaak. Hieraan sal nou kortliks aandag gegee word.

33 United Nations, Economic and Social Council, Commission on Human Rights, Subcommission on Prevention of Discrimination and Protection of Minorities, E/CN.4/Sub.22/SR.411, 5 Februarie 1964.

34 Alhoewel politieke wetenskaplikes tot dusver min aandag aan die kultuurregte van groepe geskenk het, het die volgende belangwekkende studies egter al die lig gesien. Antony E. Alcock, Brian K Taylor en John M Welton, reds., *The Future of Cultural Minorities*, New York, St Martins Press, 1979 veral Claire Palley "The Role of Law in Relation to Minority Groups", pp.120-160. Sien ook John Claydon "Internationally Uprooted People and the Transnational Protection of Minority Culture". *New York Law School Law Review* 24, no. 1, 1978, pp.125-151.

35 *Op cit*, p.4.

36 *Idem*

Alhoewel die reg op selfbeskikking van volkere erken word, word die reg tot sesessie van 'n volk wat deel van 'n land se bevolking vorm, gewoonlik deur die regerings van daardie lande ontken. Dit word byvoorbeeld geïllustreer deur die toepassing van die bepalinge van die Declaration on Principles of International Law Concerning Friendly Relations and Co-operation among States wat deur die Algemene Vergadering van die VN in 1970 aanvaar is. Alhoewel die Deklarasie die beginsel van gelyke regte en selfbeskikking van volkere onderskryf, word bepaal dat niks wat daarin vervat is, "shall be construed as authorizing of encouraging any action which would dismember or impair, totally or in part, the territorial integrity of political unity of sovereign and independent States".³⁷

Hierdie bepaling is dubbelsinnig en Van Dyke wys daarop dat "(t)his could be interpreted to deny that a segment of the population of a state can be a people, or even if it is a people, to deny that it has a right of self-determination".³⁸ Die betekenis wat deur sommige state hieraan geheg word, is dat selfs indien 'n volk met die reg tot selfbeskikking bestaan, die botsende reg van die staat van hoër belang geag word. Op grond hiervan word die reg tot sesessie van volkere, om hulle reg tot selfbeskikking uit te oefen, ontken. Die effek hiervan is dat in sommige state van die wêreld die onhoudbare posisie bestaan dat die reg van volkere om hulle kultuur te handhaaf, erken word, maar dat die status wat vir hierdie doel die mees geskikte is, volkere en volksgroepe ontsê word.³⁹

In die lig hiervan kan gesê word dat alhoewel die resoluë van die Algemene Vergadering sesessie nie uitsluit nie, die regerings van talle lande onsimpatiek jeens die reg tot sesessie van volkere binne hulle landsgebied staan. (Ontwikkelinge onlangs in die Sowjet-Unie dui moontlik daarop dat gesindhede aan die verander is.)

Die posisie in die internasionale reg met betrekking tot die reg tot sesessie deur volkere word ietwat gekompliseer deur 'n verdere besluit van die Algemene Vergadering van die VN in 1970 dat die verpligting om die territoriale integriteit en politieke onafhanklikheid van state te respekteer, slegs standhou waar state "conducting themselves in compliance with the principle of equal rights and selfdetermination of peoples ... and [are] thus possessed of a government representing the whole people belonging to the territory without distinction as to race, creed, or colour". Dit skyn asof die verpligting met betrekking tot territoriale integriteit en politieke eenheid slegs weval in gevalle waar volkere verteenwoordiging in die regering ontsê word, of op enige van die ander genoemde gronde. So 'n volk sou dan oënskynlik die reg hê om sy kultuur deur sesessie te handhaaf. Tereg het Van Dyke van hierdie bepalinge verklaar dat daar 'n onhoudbare teenstrydigheid bestaan:

37 United Nations, General Assembly Resolution A//2625 (XXV) Declaration on Principles of International Law Concerning Friendly Relation and Co-operation Among States, 24 October 1970, Annex.

38 *Op cit*, p.4.

39 Daar moet egter dadelik bygevoeg word dat die Algemene Vergadering se resoluë met betrekking tot vriendelike verhoudinge nie sesessie uitsluit nie.

S1D

"Whether the right of self-determination can in practice be limited along the lines just suggested remains to be seen. An obvious paradox exists in asserting, on the one hand, that peoples are entitled to equal rights, to self-determination, and to preserve their culture and, on the other hand, that they may not have the right to sovereignty that other peoples enjoy. In effect, the Ibos and the Bengalis revolted against this principle; and leaders of many minority peoples over the world (some leaders of the French-Canadians, for example) contemplate a similar course of action".⁴⁰

Dit is voorts belangrik om daarop te wys dat verskeie prominente volkeregeleerdes, onder andere Dinstein en Rosen, daarop wys dat die reg van state om hulle territoriale integriteit te handhaaf nie noodwendig voorrang bo die regte met betrekking tot selfbeskikking het nie.

Die fundamentele reg van volkere op selfbeskikking sluit uiteraard 'n verskeidenheid van regte in. Van Dyke maak byvoorbeeld melding van die reg op selfregering en politieke deelname; die reg om die eie taal te besig; vryheid van godsdien; onderwys; bewegingsvryheid; vestiging en eiendom en die reg op vryheid van spraak.

In 'n voordrag "Die Afrikanervolk en sy Regte" het ek by geleentheid voor 'n UOVS-gehoor melding gemaak van die volgende fundamentele volksgroepregte, te wete, die vryheid van die volksverband op sy eie roepingsvervulling en vryheid, die reg op 'n eie nasionale strewe en nasionale bestaan en die reg op 'n eie politieke ordening in 'n staatsbestel volgens die keuse van daardie volk.⁴¹

In 'n stuk met die titel "Die Ontwikkeling van 'n Moderne Volksgroepereg in die Suid-Afrikaanse Staatsreg", voorgelê as getuienis voor die Kommissie van Ondersoek oor die Grondwet, het prof DC du Toit van die UOVS by geleentheid gewag gemaak van die reg van "etniese groepe" op 'n eie "tuisland" en die reg van etniese groepe op selfbeskikking.⁴² Volgens Du Toit⁴³ behels die reg op selfbeskikking sedert die Helsinki-ooreenkoms, wat onder andere ook deur die USSR onderteken is, veral die reg op vrye interne selfbeskikking en interne outonomie.

Veiter onderskei op sy beurt die volgende regte van volksgroepe: die reg op 'n vaderland of tuisland; taalbeskerming in die nasionale staat en die reg op selfbestemming wat ook die reg op 'n eie staatsgebied insluit, en laastens die ontwikkelings- of ontplooiingsregte van volksgroepe.⁴⁴

40. Op cit, p.4-5.

41. Sien bv "Die Afrikanervolk en sy Regte", UOVS, 1988.

42. *ipra.*

43. *id.*

44. Sien Du Toit *ibid.*

1.3.3 Die reg op selfbeskikking van volkere en ander relevante regsaspe

Die probleem van konflik tussen volksgroepe, oftewel "etniese" konflik, kan in die Westerse wêreld tot die invloed van die Franse Rewolusie en die gevolge van die humanistiese individualisme in hierdie verband teruggevoer word. Volgens die "rewolusionêre" demokrasie-beginsel, met sy postulaat van 'n een-mens-een-stem-bedeling op die grondslag van die gedagte dat die "meerderheid regeer", het etniese of ander belangegroepe wat die getalle-meerderheid gevorm het, die dominerende posisie in die staat verkry. Dit het gelei tot 'n stryd van volkere en etniese groepe wat in sulke state minderhede gevorm het. Dit was terloops ook een van die vernaamste oorsake van die Eerste Wêreldoorlog. Na die Eerste Wêreldoorlog is deur middel van die *Volkerebond* probeer om hierdie etniese en volkscrisisse op te los deur middel van die regsbeskerming van minderhede op die basis van individuele menseregte. Op daardie stadium is daar nie van etniese groepe gepraat nie, maar van *nasionale minderhede* (byvoorbeeld taal-, ras- of godsdienminderhede). Die toepassing van die beginsel van naakte parlementêre demokrasie, wat op meerderheidsbewind gebaseer is, het verhoed dat volksminderhede ooit 'n meerderheidstatus in die parlement kon kry.⁴⁵ Die afdwinging van hierdie opvatting op die Donoustate het in 'n groot mate tot die Tweede Wêreldoorlog aanleiding gegee.

Teen hierdie agtergrond het die besef internasionaal in die vyftigerjare begin posvat om volksminderhede nie slegs deur middel van individuele regte te beskerm nie, maar om groepe as sodanig (*ens sociale*) te beskerm. Twee fundamentele groepsregte het mettertyd in die internasionale regsverkeer ten aansien van sulke minderhede ontwikkel, te wete eerstens die reg van 'n volk of etniese groep op 'n eie nasionale tuiste ("Recht auf die Heimat", "patria avita". "Foyer natal", "ancestral soil") en tweedens die reg van die volks- of etniese groep op selfbeskikking.

Soos reeds vermeld, was die standpunt van die ou Volkerebond en die VVO onmiddellik na die Tweede Wêreldoorlog om die beskerming van minderhede op die verbod teen diskriminasie teen die enkeling te baseer. Dit het geen bevredigende beskerming gebied nie en sedert 1974 is daar van die kant van die VVO⁴⁶ werk gemaak om volksminderhede as sodanig te beskerm, omdat minderheidsbeskerming deur middel van individuele menseregte nie die voortbestaan van volksgroepe wat nie 'n getalle-meerderheid besit nie, in stand kon hou nie. Dit kan nie 'n volksgroep bewaar van "omvolking", assimilering of verdwyning nie, terwyl die instandhouding en voortbestaan van volksgroepe juis as waardevol en verrykend vir die moderne staatslewe beskou kan word.

45. Hierdie demokrasie-opvatting word deur Groen van Prinsterer as een van die vernaamste komponente van staatsregtelike rewolusie uitgewys.

46. Vir die beskerming van etniese, taal- en ander minderhede, sien bv VVO-dok So216/3(26) van 11 Maart 1974.

11518

19 MAY 1988

A

19

Die aktiwiteit van die VN het juis die oog daarvoor geopen dat erkenning aan die regte van volks-, oftewel etniese, groepe verleen moet word.

Alhoewel die reg tot selfbeskikking van volkere voor-positiefregtelik van aard is, vir sover die identiteit en aard van volkere in die skeppingsorde gegee is, is daar nietermin positiefregtelike bepalings wat hierdie fundamentele reg erken. Enkeles hiervan kan vermeld word:

(a) Artikel 1(2) van die *Handves* van die VVO bepaal:

"To develop friendly relations among nations based on respect for the principle of equal rights and self-determination of peoples, and to take other appropriate measures to strengthen universal peace."

Op grond hiervan sou terloops in Suid-Afrika die reg op sesessie van volkere erken kon word as stappe om universele vrede te bevorder.

Artikel 55 saamgelees met artikel 73(b) van die *Handves* laat ruimte daarvoor dat na die selfbeskikking van volkere in die lig van hulle besondere omstandighede gekyk moet word. Artikel 73(b) verwys aldus na die doel "to develop self-government, to take account of the political aspirations of the peoples, and to assist them in the progressive development of their free political institutions according to the particular circumstances of each territory and its peoples and their varying stages of advancement."

(b) Die *VVO Menseregte-Verdrae* van 1966 het as 'n pakte in 1976 in werking getree. In artikel 1 word uitdruklik verklaar dat alle volke die reg op selfbeskikking het. Uit die hoofde van hierdie reg staan dit volke vry om hulle politieke status te bepaal en om hulle ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling na te streef.

Op die vraagstuk van die regswerking van artikel 1 van hierdie verdrae en die vraag of ons hier met dwingende internasionale reg al dan nie, te make het, word hier nie verder ingegaan nie.

(c) Wat die staatspraktyk in die internasionale gemeenskap, as bron van volkereregwoonereg betref, moet hier op die gesaghebbende uitspraak van die Wes-Duitse *Bundesverfassungsgericht* van 31 Julie 1973 oor die verdrag met Oos-Duitsland gewys word. Die effek van hierdie uitspraak is dat die "Selbstbestimmungsrecht ... kommt nicht nur politischem Bedeutung zu, er hat auch rechtlichen Gehalt".⁴⁷

(d) Die Konferensie van Veiligheid en samewerking in Europa, die sogenaamde Helsinki-konferensie, van 23 Julie 1975, lê besondere klem op die selfbeskikking en die vryheid van volkere. Die selfbeskikkingsreg van volkere word tewens erken as 'n reg van volle vryhede, te wete om in "voller Freiheit, wann und wie sie wünschen, ihren inneren und äusseren politischen Status ohne äusserer Einmischung zu bestimmen und ihre politische, wirtschaftlich, soziale und kulturelle Entwicklung nach eigenen Wünschen zu erfolgen".

47 2 BvI 1/73

Die vraag hoe hierdie reg tot selfbeskikking polities beskerm moet word, sal hieronder verdere aandag kry.

(e) Besonder insiggewend is die opmerkings van Capotorti, spesiale rapporteur van die *VVO-Subkommissie insake die Voorkoming van Diskriminasie en die Beskerming van Minderhede*, in sy verslag van 1979 met betrekking tot die vrye ontwikkeling van volkere:

"Experience shows that in a multiracial society, the most effective way to build a just, peaceful and united nation is for the State concerned to adopt a policy which allows members of ethnic, religious and linguistic groups to preserve their own characteristics".⁴⁸

(f) Die belang daarvan om die nasionale voortbestaan van volkere en die uitlewing van hulle regte te verseker, het selfs in opinies van die *Internasionale Hof van Justisie* te berde gekom. In die opinie van hierdie Hof op 6 April 1935 met betrekking tot minderheidskoolonderrig in Albanië word verklaar:

"The idea underlying the treaties for the protection of minorities is to secure for certain elements incorporated in a State, the population of which differs from them in race, language or religion, the possibility of living peacefully alongside that population and co-operating amicably with it, while at the same time preserving the characteristics which distinguish them from the majority, and satisfying the ensuing needs."

(g) Wat die huidige konvensiereg betref moet voorts daarop gewys word dat gewoonlik onderskei word tussen die reg op die fisiese bestaan van 'n volk (byvoorbeeld artikel 2 van die *Convention on the Prevention and Punishment of the Crime of Genocide*), die reg op selfbeskikking (byvoorbeeld artikel 1(1) van die *Menseregteooreenkomste* van 1966), die reg op die gebruik van natuurlike hulpbronne (artikel 1(2) en - meer spesifiek met betrekking tot minderhede - die reg op behoud van afsonderlike identiteit (byvoorbeeld artikel 27 van die 1966 *International Covenant on Civil and Political Rights*).

1.3.4 Hoe kan die reg op die selfbeskikking van volkere polities en staatkundig in Suid-Afrika verseker word?

Ten einde die selfbeskikking van volkere wat staatkundig binne dieselfde landsgebied teenwoordig is te verseker, kan verskeie moontlikhede wêreldwyd onderskei word:

(a) Eerstens is die mees algemene en wydverspreide tipe politieke reëling vir 'n kulturele minderheidsgroep om 'n mate van outonomie te verkry. Dit geskied gewoonlik op 'n territoriale basis soos in 'n federale sisteem.

In Suid-Afrika sal hierdie tipe van reëling nie deug nie omdat dit steeds 'n stryd

48 Op p 98.

19 MAY 1993

A

om die hoogste mag sal behels. Waar kultuur- en beskawingsverskille tussen volkere so groot soos in Suid-Afrika is, bly die konfliktpotensiaal in 'n federale opset steeds besonder hoog.

(b) In 'n aantal lande word deelname in die regering aan kultuurgroepe gewaarborg, waardeur 'n mate van politieke mag aan hulle verleen word ten einde hulle belange te verdedig en hulle belange te bevorder met betrekking tot kultuurhandhawing. So byvoorbeeld bepaal die Belgiese konstitusie dat, met die moontlike uitsondering van die eerste minister, die kabinet 'n gelyke getal Frans- en Hollandsprekende ministers moet bevat. Regtens word voorts vereis dat pariteit tussen Frans- en Nederlandsprekende amptenare in die staatsdiens gehandhaaf moet word.

In Fiji en Nieu-Seeland word voorsiening vir afsonderlike kieserslyste vir die onderskeie etniese gemeenskappe gemaak en word 'n kwota setels in die laerhuis van die parlement aan diegene op elke kieserslys gegee.

Die konstitusie van Ciprus van 1960 het ook voorsiening gemaak vir afsonderlike kieserslyste en afsonderlike verteenwoordiging vir Grieke en Turke.

In 1977 het die Anglo-Amerikaanse konstitusionele plan vir Zimbabwe, alhoewel dit vir "majority rule" en dus vir die politieke dominansie van Swartes voorsiening gemaak het, ook 'n oproep bevat vir die insluiting van "specially elected members" in die Vergadering om voorsiening vir "adequate representation to minority communities", naamlik Blankes, te verseker.⁴⁹ Omdat die Swartes die absolute meerderheid in die parlement gehad het, kon hulle 'n jaar of wat gelede hierdie bepaling ongedaan maak en die beskerming wat bestaan het tot niet maak. Hiermee word meteens die vrugtelosheid van soortgelyke reëlins vir Suid-Afrika geïllustreer. Daar is immers geen waarborg dat 'n swart meerderheidsregering nie dieselfde stappe in Suid-Afrika sou kon doen nie.

In 'n aantal lande val die grense van stembedistrikke min of meer met die grense van kultuurgroepe saam, ten einde verteenwoordiging van hierdie groepe in die landsregering te verseker. 'n Besondere kenmerk van sulke reëlins is dat politieke verteenwoordiging nie noodwendig proporsioneel tot die bevolking is nie. Implisiet, indien nie eksplisiet nie, word etniese gemeenskappe, as kollektiewe entiteite (volkere); as eenhede aanvaar en oorwegings met betrekking tot die grootte van hierdie groepe bepaal hoeveel verteenwoordiging hulle verkry.

Eerstens kan so 'n reëling net slaag waar die betrokke volksgroepe ongeveer ewe getalsterk is, anders word die een groep deur die ander oorheers. Tweedens is dit redelik duidelik dat 'n bedeling wat nie op die rewolusionêre demokratiese beginsel van een-mens-een-stem gebaseer is nie, nie vir die meerderheid Swartmense in Suid-Afrika aanvaarbaar sal wees nie.

49 United Nations Security Council, S/12393, 1 September 1977.

(c) Soms word waarborge aan kulturele minderheidsgroepe gegee. Die mees algemene praktyk is egter om die waarborge aan individuele persone en nie aan minderhede as kollektiewe entiteite te verleen nie. Na die Eerste Wêreldoorlog is in Europa in 'n aantal minderheidsooreenkomste bepaal dat geen diskriminasie teen persone wat tot minderhede behoort sou voorkom nie. Dit het tot verskeie vorme van kritiek gelei. In sy werk "National Minorities, An International Problem"⁵⁰ wys Inis L. Claude daarop dat die kritiek veral daarom gegaan het dat die ooreenkomste "were inadequate in assuring cultural pluralism", [met ander woorde uiters gebrekkig was om die voortbestaan van volkere te verseker].

Dieselfde kritiek is ook van toepassing op artikel 27 van die *Covenant on Civil and Political Rights*, wat bepaal dat persone wat tot etniese, godsdienstige, of taalminderhede behoort "shall not be denied the right, in community with the other members of their group, to enjoy their own culture, to profess and practice their own religion, or to use their own language".

(d) Die moontlikheid wat vir baie jare in Suid-Afrika gevolg was, was gebaseer op die stelsel van "apartheid". Dit het behels dat alhoewel Indiërs en Kleurlinge politieke regte in Suid-Afrika verkry het, die Swartmense in die land, wat politieke regte betref, aan 'n swart tuisland gekoppel is. Hierdeur is 'n groot aantal Swartmense tot vreemdelinge in die RSA gemaak. Dat hierdie beleid van apartheid onaanvaarbaar is vir sover die Blankes op rassistiese gronde dikwels hulle politieke posisie in 'n gemengde eenheidstaat ten koste van die Swartmense probeer verskans het, behoeft geen betoog nie. Dit staan immers soos 'n paal bo water dat die Swartmense in 'n rasgemengde Suid-Afrika ook volledige politieke medeseggenskap sal moet verkry.⁵¹

Sedert 1983 is met 'n sogenaamde "nuwe" grondwetlike bedeling gepoog om 'n stelsel van konsosiasie-demokrasie, oftewel "versuiling" in die Suid-Afrikaanse politiek in te voer. Hierdie model deur A. Lijphart voorgestel, het hy ontwerp na aanleiding van die wyse waarop ortodokse Protestante, Rooms-Katolieke en "algemenes" (liberale en later ook sosialiste) vanaf 1920 tot 1960 in Nederland, weliswaar grootliks van mekaar geskei en met weinig omgang met mekaar, onder leiding van bepaalde "topmense", tog stabiele konsosiasieregerings kon vorm. In terme hiervan word die onderskeie volksgroepe as "suile" van die staatsgebou deur hulle "topmense" verteenwoordig. Voorts word dan ook vir algemene en eie sake van die onderskeie "suile" voorsiening gemaak.

50 New York, Greenwood, 1969, pp 37, 65, 78-91

51 Van Dyke *op cit.* p 7 wys daarop dat die huidige politieke bedeling in Suid-Afrika juis sy oorsprong daarin gehad het dat die kulturele identiteit van die Afrikanervolk beskerm moes word: "Many of the whites, especially among the Afrikaners, have an obsessive fear of losing their identity, including their cultural identity, and the policies that they have adopted illustrate extremes to which a desire to preserve a culture may lead".

513

Van hierdie model verklaar die bekende Nederlandse staatkundige, dr AJ Verbrugh, in sy werk *Universeel en Anti-revolutionair*, wat drie volumes beslaan:

"Maar het model van een samenleving die 'op verschillende zuilen is gebouwd', reikt verder. Het nodigt uit tot tevredenheid met deze zuilentempel, waarbij de ideologische grondslagen van de verschillende zuilen als gelijk in waarde worden aanvaard. Dit veroorzaakte verstarring en relativisme, sowel in kerk als politieke partij en over de gehele linie".⁵²

Dat die huidige regeringsbeleid in die RSA, **wat hierop** gebaseer is, nie tot die beskerming van die selfbeskikking van die **onderskeie** kultuurgroepe kon lei nie, vat Verbrugh mooi saam:

"Iets vergelijkbaars zal geschieden als men in een staat met verschillende volkes en afkoerst op het model van een zuilen-samelewing met een gemeenschappelijke regering van de 'topfiguren' uit de verschillende volken. Dit zal ertoe leiden dat het officiële cultuurpatroon meer en meer door het meerderheidsvolk wordt bepaald. Wie dan nog volgens het cultuurpatroon van een ander volk blijft leven, kan de regering niet vertegenwoordigen".⁵³

Wat die reg op die selfbestemming van die Afrikanervolk in besonder betref, stel Verbrugh as enigste alternatief 'n eie staat- en regsorde vir die Afrikanervolk, deur sesessie bewerkstellig. In besonder onderskryf hy die benadering van die *Vereniging van Oranjewerkers* in terme waarvan die Afrikanervolk 'n eie vaderland vir sy nasionale selfbestemming kan verkry. Hy stel dit soos volg:

"De organisatie van de Oranjewerkers en hun vrienden wordt wel gesteund door een aantal vooraanstaande Zuidafrikaners ... Wij kunnen hier echter niet aan haar (dit is die Vereniging) voorbijgaan, omdat haar praktische doelstellingen met betrekking tot Zuid-Afrika voor de nationale christelijke richting in Nederland (en vermoedelijk ook voor anderen) principiële veel meer aanvaardbaar zijn dan de doelstellingen van welke andere bekende beleidsrichtingen in de RZA ook. Als het deze organisatie zou gelukken, brede steun te verkrijgen, als de door haar beoogde 'Oranjelanden' zouden uitgroeien tot een Zuidafrikaanse staat met soevereiniteitsrechten, en als de Zuidafrikaners aan hun Bijbel vasthouden, zal dit een versterking van de christelijke politiek in

52 Publikasie van de Groen van Prinsterer stichting, nummer 44, Vol II, 1983, Uitgeverij De Vuurbaak bv groningen, p.145.

53 *Ibid*, p. 146

de wereld betekenen, die ons bijzonder verheugt. Dan zullen ook maatregelen getroffen moeten worden om de ontplooiing van de zwartmensen in hun eigen staten te bevorderen".⁵⁴

Hiermee gee Verburgh uitdrukking aan artikel 12 van die program van riglyne van die *Gereformeerde Politieke Verbond* in 1979 geformuleer en in 1982 gewysig, wat soos volg lui:

"Bij haar beoordeling van een samenleving van volken met sterk verschillende culturele tradities in één staatsverband, dient de overheid rekening te houden met haar gevaar van culturele ontworteling dat ontstaat door geforceerde vermenging van deze volken".⁵⁵

1.3.5 Die reg tot sesessie en die beskerming van die reg tot selfbestemming van volkere in Suid-Afrika

Soos Verburgh aantoon is die enigste langtermyn konstitusionele alternatief wat vir die beskerming van individuele en volksregte effektief sal wees, 'n konstitusionele model in terme waarvan volksgroepsregte verseker sal word, oftewel in die woorde van die *Internasionale Hof van Justisie*.

"(T)o ensure for the minority elements suitable means for the preservation of their racial peculiarities, their traditions and their national characteristics".

Volgens die Hof is daar geen ware gelykheid tussen volksgroepe as die een beroof word van sy intelligensie en karakter, en sodoende sy aard as groep verloor nie.

Weens die groot kultuur- en beskawingsverskille in Suid-Afrika en die groot verskille in getaltesamestelling tussen groepe, kan die identiteit en reg tot selfbestemming van volkere op geen ander wyse beskerm en verseker word as deur die insluiting van die reg tot sesessie in die handves van menseregte in 'n toekomstige Suid-Afrika nie.

Die voorgestelde handves van menseregte⁵⁶ laat geen ruimte vir die selfbeskikking van volksgroepe en die erkenning van die reg tot sesessie nie. Aldus word in die voorgestelde handves vir 'n unitêre staat voorsiening gemaak waarin die reg van alle landsburgers bo agtienjarige leeftyd om op gelykwaardige wyse stemreg uit te oefen ten opsigte van alle wetgewende instellings erken word (artikel 20); die reg om vrylik binne die Republiek van Suid-Afrika te beweeg, op enige plek daarin te woon, te werk, of 'n wettige besigheid, beroep, ambag of ander aktiwiteite te beoefen (artikel 12); die reg om vryelik te assosieer met ander groepe en individue (artikel 16) ensomeer.

Uit die voorgestelde handves van menseregte is dit opvallend dat vir die

54 *Ibid*, p. 149.

55 *Ibid*, p. 333.

56 Vervat in *Groepe- en Menseregte* pp.476-485.

realiteite van onderlinge volkskonflik nie voldoende voorsiening gemaak word nie en dat die implementering van die voorstelle daarin vervat eerder inter-volkse konflik kan bestendig as wat dit vreedsame politieke ontwikkeling kan bevorder. Inteendeel, die voorgestelde handves van menseregte kan slegs sinvol in 'n eenheidstaat toegepas word waarin daar geen groot kultuur- en beskawingsverskille voorkom nie of waar al die lede van die bevolking tot 'n redelik homogene volksgroep behoort. Die weg wat vir die toepassing van sinvolle staatsregtelike hervorming gevolg moet word, skyn my die volgende te wees:

- (a) Die beginselaanvaarding deur die parlement van die toepassing van die voorgestelde handves in 'n gemeenskaplike Suid-Afrika.
- (b) Die erkenning van die reg van sesessie van volkere en volksgroepe voordat so 'n handves toegepas sal word.
- (c) Die keuse aan volkere in Suid-Afrika, voordat die voorgestelde handves toegepas word, om van die bestaande RSA af te skei en onafhanklike staatsregtelike status te verkry.
- (d) In effek kom dit dus daarop neer dat gepaste politieke stappe geneem moet word en dat die staatsregtelike selfbeskikking van volkere in Suid-Afrika eers erkenning moet kry alvorens die voorgestelde handves van menseregte in die restant van Suid-Afrika, te wete 'n geïntegreerde staatsorde op die basis van 'n een-mens-een-stem politieke bedeling, toegepas word.

1.4 Teen wie kan hierdie regte afgedwing word en op welke wyse moet dit afgedwing word?

Die afdwinging van die reg op die selfbeskikking van volkere, tesame met die regte op die handhawing van die eie kultuurgoedere van 'n volk, skeep ernstige en wesenlike probleme waar volke met groot kultuur- en beskawingsverskille hulle binne dieselfde staatsverband bevind. In die lig van dit wat tot dusver gesê is, word die probleem met betrekking tot die afdwinging van hierdie regte teenoor ander volksgroepe, grootliks ondervang. Waar die afdwinging van hierdie regte deur sinvolle politieke reëlins moontlik gemaak word, word die probleem met betrekking tot die handhawing van hierdie regte teenoor ander groepe dus grootliks uitgeskakel.

Soos hierin aangedui, het 'n volk die reg om sy reg op selfbeskikking - wat politieke selfbeskikking insluit - teenoor enige ander volk te handhaaf of teenoor enige groep wat die politieke en kulturele voortbestaan van 'n volk bedreig, uit te oefen.

Dit was die aanvanklike motief met die beleid van afsonderlike ontwikkeling. Die suiwer beginselaspek daarin - want afsonderlike ontwikkeling bevat ook 'n positiewe kant - het die bekende staatsfilosoof LJ du Plessis in die werk *Apartheid and the World's Universities* soos volg verwoord:

"The maintenance of the several historically developed racial groups and national entities is not un-Christian or un-democratic. On the contrary, the unity in Christ, as a matter of faith, transcends but does not abolish all temporal diversities, and democracy presupposes the self-determination of nations; genocide is abhorred and so is national and racial suicide. In opposition to this Western outlook, the Oriental civilisation, centered in Babylon in biblical times and now dominated by Russian Communism, imposes an authoritarian uniformity of cosmopolitanism and mass servility".⁵⁷

Die vraag hoe hierdie regte afgedwing kan word, kan beantwoord word deur te verklaar:

Soos enige ander regte! Dit beteken deur die daartoe bevoegde regsprekende instansies. In die geval waar 'n volk in sy eie staatsgebied sy reg tot selfbeskikking uitoefen - soos hierbo voorgestel - lewer dit geen probleem nie, omdat die probleem van ernstige botsende aansprake grootliks uitgeskakel kan word.

1.5 Die verband tussen hierdie groeps- minderheids- of volksregte en individuele regte

Tans is dit juis die probleem waarmee ons in Suid-Afrika te make het, naamlik dat 'n groot deel van die bevolking van hulle kultuurverbande losgeraak het en as individue 'n gemeenskaplike staatsorde wil vestig. Hierteenoor is daar groot getalle Suid-Afrikaners, van verskillende volksverbande, wat hulle reg tot selfbeskikking as volkere wil handhaaf. Dit lei uiteraard tot botsende aansprake tussen individue en sosiale groeperinge. Waar kultuur- en beskawingsverskille nie so groot is as in Suid-Afrika nie, sou die probleem opgelos kon word deur die akkommodasie van individue en groepe binne dieselfde staatsorde, deur konstitusionele reëlins in terme waarvan volksgroepe se politieke deelname veseker word. In die lig van die groot kultuur- en beskawingsverskille en die wanverhouding in getalle is dit nie in Suid-Afrika moontlik nie en is die erkenning van die reg van staatkundige sesessie gebiedend noodsaaklik vir die oplossing van hierdie vraagstuk.

1.6 Die verpligtinge van die groep, minderheid of volk

Dit behels dat volkere hulle reg tot selfbeskikking polities en kultureel so sal uitoefen dat hulle nie hierdeur die selfbeskikkingsreg van ander volkere in die gedrang sal bring nie. Waar dit in die RSA nie moontlik is om hierdie toestand in 'n geïntegreerde eenheidstaat te bereik nie, is die enigste alternatief om aan volkere die reg tot sesessie te verleen.

57 Op p 36

515

1.7 Moet dieselfde regte aan alle volkere toegeken word?

Vir die sukses van enige toekomstige konstitusionele bedeling in hierdie land is dit gebiedend noodsaaklik dat aan alle volkere of volksgroepe die keuse tot staankundige sesessie gegee moet word alvorens die voorgestelde handves van menseregte in 'n gemeenskaplike Suid-Afrika toegepas sal word.

Dit beteken dus, in die lig van die uiteensetting hierbo, dat elke volk 'n reg tot selfbeskikking het - wat insluit die regte op die handhawing van sy kultuur-goedere, sowel as sy politieke selfbeskikkingsreg.

Wanneer dit by die selfbeskikkingsreg van volkere kom, moet die vraag na die uitoefening en handhawing van daardie reg in die lig van die heersende en betrokke omstandighede beoordeel word. Die vraag of daardie reg deur elke volksgroep binne dieselfde staatsverband sinvol uitgeoefen sal kan word, word grootliks deur ander kultuur- en beskawingsverskille, sowel as die getalsterkte van die betrokke volksgroepe en die moontlikheid van "omvolking" van betrokke volksgroepe bepaal. Alhoewel dit in, byvoorbeeld België, moontlik mag wees om 'n sinvolle staatkundige reëling vir die handhawing van die kulturele regte van Wale en Vlaminge binne dieselfde staatsorde te tref, sou dit, byvoorbeeld in Suid-Afrika, nie moontlik wees nie omdat die groot kultuur- en beskawingsverskille tussen die blanke en swart volkere in ons land staatkundige samewerking van hierdie aard bykans onmoontlik maak. Voorts is die Blankes wat bewustelik hulle reg op Afrikanerselfbeskikking wil uitoefen, sodanig in die minderheid dat die akkommodasie van beide binne dieselfde staatsorde feitlik die uitwissing van die Afrikanervolksgroep se kulturele erbesit sal beteken.

1.8 Ander opmerkings en kommentaar

(a) Dit is ons innige bede in hierdie dae dat net soos die regering aandag skenk aan die oproepe van diegene wat geen erg aan die selfbeskikkingsreg van volkere het nie en bloot as individue 'n gemeenskaplike Suid-Afrika wil deel, die oproep van diegene wat hulle selfbeskikkingsreg binne volksverband wil handhaaf, sal eerbiedig.

(b) Die enigste uitweg uit die botsende eise van individualisties-geïnspireerde menseregte-denkers en die aansprake van volkere op hulle reg tot selfbeskikking in hierdie land, is geleë in die erkenning van die reg tot sesessie voordat die voorgestelde handves van menseregte in 'n gemeenskaplike eenheidstaat toegepas sal word.

(c) Dit is hierdie reg tot selfbeskikking en kulturele selfbestemming wat aan die wortel van die konsep van staatkundige partisie lê. Dit is wêreldwyd 'n algemeen aanvaarde staatkundige alternatief om volkere wat nie op dieselfde grondgebied staatkundig geakkommodeer kan word nie, polities en staatkundig te partisioneer. So 'n stelsel van partisie sal uiteraard deur middel van onderlinge onderhandelinge tussen volkere bereik moet word.

2

SESESSIONÊRE SELFBSKIKKING

2.1 INLEIDING

As uitgangspunt¹ aanvaar ons die volgende:

(a) Die volksgroepe van die Republiek van Suid-Afrika het die onvervreembare reg om hulle eie politieke status in volle vryheid te bepaal, sonder inmenging van ander volksgroepe, en sonder om die politieke status van ander volksgroepe aan te tas.

(b) Elke volksgroep van die Republiek van Suid-Afrika het die onvervreembare reg om op 'n eie grondgebied ten volle te leef, dit ongestoord te gebruik en te ontwikkel, en nie daaruit fisies of andersins verdryf te word nie. Hierdie reg sluit die bevoegdheid tot territoriale outonomie van volksgroepe in.

(c) Die Afrikanervolk as 'n volk- of etniese groep het ook hierdie reg tot kulturele en politieke outonomie en die onvervreembare reg op 'n eie nasionale voortbestaan in dié verband.

In die lig van die verskillende vertolkings wat oor die inhoud van die reg op selfbeskikking van volkere bestaan, die vraag of dit die reg van sesessie insluit en die vraag of daar uit die Suid-Afrikaanse gemenerereg steun vir die reg op selfbeskikking van volkere bestaan, word hierdie studie² as die saak van die Afrikanervolk aangebied.

¹ Ek verwys ook na 1 DIE SELFBSKIKKINGSREG VAN VOLKERE *supra*
² Hierdie uiteensetting moet as 'n integrale deel van die uiteensetting van AWG Raath 1 *supra* DIE SELFBSKIKKINGSREG VAN VOLKERE beoordeel word

516

2.2 DIE INHOUD VAN DIE REG OP SELFBEKIKKING VAN VOLKERE

2.2.1 Die reg op selfbeskikking in die handves van die verenigde volke

Uit verskeie resolusies van die VVO³ en in die lig van die handves van hierdie organisasie,⁴ is dit duidelik dat die reg op selfbeskikking wyd vertolk word om alle volkere in te sluit, ook sogenaamde "trust"-gebiede en nie-selfregerende volkere.

Uit die verrigtinge van verskeie VVO-liggame blyk dat tydens hierdie organisasie se vroeë bestaansjare,⁵ daar reeds die begeerte bestaan het om erkenning aan die reg op selfbeskikking te verleen as 'n fundamentele mensereg en van die omvattende toepassing daarvan in die internasionale wêreld.

Dit is byvoorbeeld insiggewend om daarop te let dat die *Commission on Human Rights* by sy sesde sessie, in 1950, 'n voorstel ter tafel gehad het om in die voorgestelde internasionale handves van menseregte 'n bepaling in te sluit met die strekking dat:

"Every people and every nation shall have the right to national self-determination. States which have responsibilities for the administration of Non-Self-Governing Territories shall promote the

3 Sien by besluite van die 6e vergadering van Komitee 1 van Kommissie 1 van die San Francisco-Konferensie, gehou op 15.05.1945; die verslag van die Rapporteur van Sub-komitee (1/1/A) aan Komitee 1/1 (1.06.1945); die verslag van die Rapporteur van Komitee 1 aan Kommissie 1 (13.06.1945). *Documents of the United Nations Conference on International Organization*, G/29 (vol III, p.622; *ibid* 1/1/16 (vol VI, p.296); *ibid* 1/1/19 (vol VI, p.704); *ibid* (vol VI, pp.703-704); *ibid* 1/1/34(i) (vol VI, p.455); *ibid* CO/170 (vol XVII, p.142); *ibid* G/29 (vol III, p.626); *ibid* G/7(c) (vol III, p.146).

4 Die Handves van die VVO erken uitdruklik die reg van selfbeskikking in art 1, par 2 (Hoofstuk I: "Doelstellings en Beginsels") en in art 55 (Hoofstuk IX: "Internasionale Ekonomiese en Sosiale Samewerking") Art 1, par 2, verklaar dat een van die doelwitte van die VVO die volgende is: "To develop friendly relations among nations based on respect for the principle of equal rights and self-determination of peoples, and to take other appropriate measures to strengthen universal peace".

Die inleidingsparagraaf van art 55 van die Handves lees soos volg "With a view to the creation of conditions of stability and well being which are necessary for peaceful and friendly relations among nations based on respect for the principle of equal rights and self-determination of peoples, the United Nations shall promote []".

Volgens A Cristescu, Spesiale Rapporteur van die Sub-Kommissie oor die Voorkoming van Diskriminasie en die Beskerming van Minderhede, *The Right to Self-Determination*, United Nations, New York 1981, p.3 word die reg op selfbeskikking indirek gevestig in art 76 van die Handves (Hoofstuk XII: "Internasionale Truststeeskapstelsel") par 6, wat bepaal dat een van die doelwitte van die truststeeskapstelsel is om die progressiewe ontwikkeling van die inwoners van Trustgebiede te bevorder na "self-government or independence", in ag genome *inter alia* "the freely expressed wishes of the peoples concerned". Dieselfde beginsel verskyn in art 73 (Hoofstuk XI: "Deklarasie met betrekking tot Nie-Selfregerende Gebiede").

5 Sien vn 3 *supra*

fulfilment of this right, guided by the aims and principles of the United Nations in relation to the peoples of such territories".⁶

Na 'n reeks debatte⁷ waarin hierdie voorstel oorweeg is, is Resolusie 545 (VI) deur die *Algemene Vergadering* op 5.02.1952 aanvaar onder die opskrif "Inclusion in the International Covenant or Covenants on Human Rights of an article relating to the right of peoples to self-determination", en lui onder andere soos volg:

"1. (The General Assembly) (d)ecides to include in the International Covenant or Covenants on Human Rights an article on the right of all peoples and nations to self-determination in reaffirmation of the principle enunciated in the Charter of the United Nations. This article shall be drafted in the following terms: 'All peoples shall have the right to self-determination; and shall stipulate that all States, including those having responsibility for the administration of Non-Self-Governing Territories, should promote the realization of that right in relation to the peoples of such Territories'".⁸

Dit is opvallend dat die *Algemene Vergadering* van die VVO by sy sewende sessie Resolusie 637 (VII), op 16.12.1952 aanvaar het, wat die reg op selfbeskikking van volkere én nasies erken:

"(a) (T)hat the right of peoples and nations to self-determination is a prerequisite to the full enjoyment of all fundamental rights; (b) that every State Member of the United Nations, in conformity with the Charter, should respect the maintenance of that right in other States; (c) that the State Members of the United Nations should uphold the principle of self-determination of all peoples and nations; (d) that the peoples of Non-Self-Governing and Trust Territories have the right to self-determination and that Member States should, therefore, recognize and promote the realization of that right and facilitate its exercise; (e) that the Member States responsible for the administration of Non-Self-Governing and Trust Territories should take certain practical steps pending, and in preparation for, the realization of the right to self-determination. More-over, the resolution recommends Member States responsible for the ad-

6 Official Record of the Economic and Social Council Eleventh Session No 5(E/1681, bylaag III)

7 Vir die ontwikkeling in hierdie verband sien *Official Records of the General Assembly, Fifth Session, Third Committee, 311th meeting, par 68; ibid, 309th meeting, par 52-53; ibid 309th meeting, par 60, 310th meeting, par 6, 16, 19 en 35; en 311th meeting, par 4; ibid, 310th meeting, par 35 en 311th meeting, par 37; Official Records of the General Assembly, Sixth Session, Third Committee, 356th, 364th, 367th, 371st, 396th-399th meeting, ibid 366th meeting, par 26, 397th meeting, par 4, en 399th meeting, par 50; 366th meeting, par 6 en 29, 399th meeting, par 6; ibid, par 51; ibid, 397th meeting, par 5, 8 en ibid 399th meeting, par 22.*

8 Sien A Cristescu, *supra*, p.5.

517

ministration of Non-Self-Governing Territories voluntarily to include in the information transmitted by them under Article 73 e. of the Charter details regarding the extent to which the right of peoples and nations to self-determination is exercised by the peoples of those Territories, and in particular regarding their political progress and the measures taken to develop their capacity for self-administration, to satisfy their political aspirations and to promote the progressive development of their free political institutions".⁹

Ter aanvulling by Hoofstuk 1¹⁰ kan **gewys word** op die feit dat die reg op selfbeskikking van volkere in 'n **verskeidenheid** internasionale regsdokumente beliggaam word en 'n verskeidenheid van **regte** omvat, byvoorbeeld die reg van volkere om vryelik hulle eie politieke status te bepaal;¹¹ die reg van volkere om vryelik hulle eie ekonomiese ontwikkeling na te streef;¹² die reg van volkere om vryelik hulle eie sosiale ontwikkeling na te streef,¹³ die reg van volkere om hulle eie kulturele ontwikkeling na te streef,¹⁴ ensovoorts.

2.2.2 Hoe ver strek die reg op selfbeskikking van volkere?

2.2.2.1 Word die reg op selfbeskikking aan alle volkere verleen?

Daar word soms beweer dat die reg op selfbeskikking nie sesessie van 'n reeds bestaande staat insluit nie, en dat dit beperk is tot die proses van dekolonisasie (veral in Afro-Asië).¹⁵

Artikel 1(1) van die *Handves van die VVO* is egter baie spesifiek op hierdie vraag: die reg op selfbeskikking word verleen aan "alle" volkere en nie slegs aan sommige volkere in nie-selfregerende gebiede nie.

Ingevolge artikel 31(1) van die 1969 *Vienna Convention on the Law of Treaties*, word die vertolking van verdrae beheers deur die basiese reël dat die "gewone betekenis" aan die bepalings van verdrae toegeken moet word.¹⁶ Hierdie teksgebonde benadering tot die vertolking van verdrae berus op verskeie

9 *Ibid*, p.5

10 1 *supra*, "Die Selfbeskikkingsreg van Volkere"

11 A Cristescu, *supra*, pp.46-52.

12 *Ibid*, pp.53-92

13 *Ibid*, pp.93-101

14 *Ibid*, pp.102-116

15 Hierdie argumente is gewoonlik gebaseer op bepalings van die Declaration on Principles of International Law concerning Friendly Relations and Co-operation among States in Accordance with the Charter of the United Nations van 24 20 1970 (GA Res 2625(XXV)) wat onder andere bepaal: "Nothing in the foregoing paragraph shall be construed as authorizing or encouraging any action which would dismember or impair, totally or in part, the territorial integrity or political unity of sovereign and independent states conducting themselves in compliance with the principle of equal rights and self-determination of peoples as described above."

16 Vienna Convention on the Law of Treaties, *United Nations Juridical Yearbook* (1969), pp.140, 149

presedente in die internasionale regspraak, soos die adviserende opinie met betrekking tot die Kompetensie van die *Algemene Vergadering* ten aansien van die toelating van 'n staat tot die VVO, waarin die *Internasionale Geregshof* in 1950 verklaar het:

"The Court considers it necessary to say that the first duty of a tribunal which is called upon to interpret and apply the provisions of a treaty, is to endeavour to give effect to them in their natural and ordinary meaning in the context in which they occur. If the relevant words in their natural and ordinary meaning make sense in their context, that is an end of the matter".¹⁷

Die betekenis van die term "all", in die konteks van die reg van volkere op selfbeskikking, is omvattend: een en elke volk word hierdeur gedek, afgesien van geografiese of ander oorwegings.

Ook word soms beweer dat die term "all" nie duidelik genoeg is nie en dat dit in die konteks waarin dit gebruik word dubbelsinnig is.

Soos Yoram Dinstein¹⁸ aantoon is hierdie 'n twyfelagtige argument, maar in sulke gevalle maak artikel 32 van die *Vienna Convention on the Law of Treaties* voorsiening dat ondersoek na die voorbereidende werk vir handveste en konvensies toelaatbaar is om die onduidelikheid uit te klaar.¹⁹ Uit die voorbereidende werk vir artikel 1(1) van die betrokke konvensies is daar geen rede om af te lei dat die oorspronklike bedoeling van die opstellers van die teks waarin die reg op selfbeskikking geïnkorporeer is, verskil van die betekenis wat met die eerste oogopslag uit die teks blyk nie.

Die konsep-resolusie wat die reg op selfbeskikking vir "alle" volkere by die konvensies ingesluit het, is bespreek en aanvaar deur die *Third Committee of the General Assembly of the United Nations*, by sy Sesde Sessie van 1951/1952. Uit die verrigtinge van die *Third Committee* blyk ondubbelsinnig dat dit ten tye van die bespreking aanvaar is dat die reg op selfbeskikking nie beperk is tot volkere onder koloniale bewind nie. As voorbeeld kan die volgende verklaring van die verteenwoordiger van Indië, een van die opstellers van die konsep-resolusie, aangehaal word:

"However, the peoples of the Non-Self-Governing Territories were not the only ones who should be guaranteed the right of self-determination; when putting forward that principle during the First World War, President Wilson and the representatives of those

17 Competence of the General Assembly for the Admission of a State to the United Nations [1950] I C.J. Report, pp.4-8.

18 "Self-Determination and the Middle East Conflict", *Self-Determination: National, Regional, and Global Dimensions*, Y. Alexander en R.A. Friedlander, Westview Special Studies in National and International Terrorism, Westview Press/Boulder, Colorado, 1980, p.248.

19 Vienna Convention on the Law of Treaties, p.149.

democratic countries which had followed his lead had been thinking of all peoples - those who were subject to colonial regimes and those who were not on an equal footing with the peoples with whom they were associated. Therefore, although there was good reason to make special reference to the peoples of the Non-Self-Governing Territories, it must be recognised that the field of application of the principle of self-determination was wider than that".²⁰

In hierdie verband kan ook gewys word op die woorde van die Amerikaanse verteenwoordiger, mev Roosevelt, wat tydens die Algemene Vergadering se Sewende Sessie in 1952 verklaar het:

"According to the present text of that paragraph, the right of self-determination should be exercised only by the peoples of Non-Self-Governing and Trust Territories. This is a restriction on the right of self-determination which, in the view of my delegation, falls so far short of the concept expressed in the Charter that we should not endorse it. If a right is valid for one group of peoples, it is equally valid for all peoples".²¹

Die opstellers van artikel 1(1) van die konvensies was bewus van die alles-in-sluitende betekenis van "all" toe hulle die reg van selfbeskikking aan alle volkere verleen het.

Dit word spesifiek bevestig deur die internasionaal-erkende volkeregedeskundige Yoram Dinstein wat soos volg verklaar:

"The upshot of the matter is that the right of self-determination is accorded not only to peoples under colonial domination in Africa and Asia, but also to peoples living within independent Afro-Asian nations, as well as to those existing in Europe (for instance, in Scotland or the Ukraine) and in America. Just as people under colonial domination is entitled to create a new state where none existed before, so can a people living within the framework of an extant state secede from it and establish its own independent country. This is precisely what was achieved by the Bengalis of East Pakistan when they created the new State of Bangladesh. This, too, is what was unsuccessfully attempted by the Igbo of East Nigeria when they tried to create a new state of Biafra".²²

Bo enige redelike twyfel kan gesê word dat die internasionale reg die reg op selfbeskikking aan volkere, oftewel etniese groepe, laat toekom.

20 UN GAOR, 6th Session, 3rd Committee, 399th meeting (23.02.1952), p. 311.
21 UN GAOR, 7th Session, Plenary, 403rd meeting (16.12.1952), p. 370.
22 *Supra*, p. 249.

2.2.2.2 Word die reg op selfbeskikking van volkere nie verhoed deur die reg op die handhawing van die territoriale integriteit van state nie?

In 'n werk *The Right to Self-Determination: Historical and Current Developments on the Basis of United Nations Instruments* wys A Cristescu²³ daarop dat daar internasionale regsbronne is wat die indruk skep dat die erkenning van die beginsel van selfbeskikking van volkere:

"cannot be regarded as authorising dismemberment or amputation of sovereign States exercising their sovereignty by virtue of the principle of self-determination of peoples".

Skrywers wat handhaaf dat die soewereine onskendbaarheid van die staatlike territorium voorrang bo die selfbeskikkingsreg van volkere behoort te geniet, verwys veral na 'n bepaling van die *Declaration on Principles and Co-operation among States in accordance with the Charter of the United Nations (Algemene Vergadering, Resolusie 2625 (XXV))*, wat soos volg lui:

"Every State shall refrain from any action aimed at the partial or total disruption of the national unity and territorial integrity of any other State or country".²⁴

In sy uiterste vorm kom hierdie opvatting na vore in die Fascistiese leerstuk dat:

"The higher personality is a nation only in so far as it is a state. The nation does not exist to generate the state ... the nation is created by the state".²⁵

Op die skrikwekkende implikasies van hierdie gedagterigting het A Cobban in sy bekende werk *National Self-Determination* gewys. Die handhawing van staatlike soewereiniteit bo die selfbeskikkingsreg van volkere kan tot skrikwekkende onderdrukking lei:

"The absolute sovereignty of the state means the right of the long knives, and Hitler in person as the Supreme Court of the German people. It means castor oil and rubber truncheons and concentration camps. It means the Italianization of Tyrolese and the sterilization of Jews. It means the suppression of trade unions and the subservience of Churches. It means the abolition of individual liberties and the oppression of national minorities. The nation-state, inflated with the wind of national sovereignty, has become

23 *Supra*, p. 41.
24 Sien ook vn 15 *supra*.
25 La Dottrina da Fascismo, I 10.7; aangehaal in E. Bareker, *Reflections on Government*, p. 26. en A Cobban, *National Self-Determination*, Royal Institute of International Affairs, London, 1944, p. 66.

519

10 117 1983
A

a true leviathan, fatal to the domestic liberties of individuals and groups".²⁶

In die reeds gemelde werk van Cobban word uitvoerig op die vraag ingegaan onder welke omstandighede die selfbeskikkingsreg van volkere - wat sesessie insluit - met die beginsels van die soewereiniteit van state versoen kan word.²⁷ As uitgangspunt stel Cobban dat indien die reg van soewereiniteit enersyds en die reg van sesessie andersyds, as *absolute regte* opgevat word, geen oplossing vir hierdie konflik moontlik is nie. Hy verklaar in hierdie verband:

"The truth seems to be that if we take the right of sovereignty on the one hand, and the right of secession on the other, as absolute rights, no solution is possible. Further, if we build only on sovereignty, we rule out any thought of self-determination, and erect a principle of tyranny without measure and without end, and if we confine ourselves to self-determination in the form of secession, we introduce a principle of hopeless anarchy into the social order. The only hope it seems, must be in a combination of the two principles, allowing each to operate within its own proper field, and recognizing neither as an absolute right, superior to the rights of individuals, which are the true end of society".²⁸

Die vraag of so 'n kompromie moontlik is, word grootliks bepaal deur die vraag of die soewereine regte van die nasie (staat, of staatsvolk) noodwendig absoluut is en bo die reg van selfbeskikking van volkere verheue is.

Volgens Cobban²⁹ word die reg van nasionale soewereiniteit van state getemper deur, en is sesessie geoorloof indien, die handhawing van die onskendbare eenheid van die staatsterritorium nie die regte van al die burgers, "including among which are their interests as members of a national community",³⁰ effektief kan beskerm en handhaaf nie.

Die wesenlike taak van die staat, volgens Cobban, is om wet en orde te handhaaf en 'n sosiale gemeenskapslewe te verseker.³¹ Indien die handhawing van wet en orde, en die versekering van die sosiale gemeenskapslewe van etniese (oftewel volks-)groepe op die spel is, sou sesessie geoorloof wees. Die weiering van die reg van sesessie onder hierdie omstandighede deur die staat kan tot ernstige konflik aanleiding gee:

"If at the same time the state maintains its rights of sovereignty

26 *Ibid*, p.66.
27 *Ibid*, p.67.
28 Sien veral pp.69 *et seq.*
29 *Ibid*, p.69.
30 *Idem*, p.71.
31 *Idem*.

over the dissident nation, there is no resolving the conflict, except by the destruction of the state or extermination of the nation".³²

2.2.3 *Wat is sesessionêre selfbeskikking en bestaan daar so 'n reg?*
In die gesaghebbende *Encyclopedia of Public International Law*³³ word sesessie gedefinieer as:

"(T)he separation of part of the territory of a State carried out by the resident population with the aim of creating a new independent state or acceding to another existing State".³⁴

C Haverland gaan in hierdie verband voort:

"Today's prevailing doctrine defines secession as the separation of part of the territory of a State which originally takes place in the absence of consent of the previous sovereign. In the process of decolonization it was not clear in all cases whether such consent was in fact granted. The colonial powers have often conceded independence to their former colonies at a stage when a secessionist attempt was already well-advanced".³⁵

In hierdie verband kan verwys word na die ooreenkoms tussen Portugal en die Afrika Party vir die onafhanklikheid van Guinee-Bissau met die verlening van onafhanklikheid van Portugees-Guinee op 26-08-1974, 'n jaar na die onafhanklikheid van Guinee-Bissau, en enkele dae na die *Veiligheidsraad van die VVO* eenparig die verlening van lidmaatskap van Guinee-Bissau tot die VVO goedgekeur het.³⁶

Uit die werke van 'n groot aantal skrywers oor die internasionale reg is daar duidelike aanduidings dat so 'n reg wel bestaan. Georges Scelle verklaar byvoorbeeld:

"The right of peoples, or collective self-determination, therefore implies not only the condemnation of the classic principle of forced annexation or cession, but *the freedom of secession*".³⁷

Ook volgens Robert Redslob³⁸ kan so 'n reg - onderhewig aan bepaalde beperkinge - onderskei word. Die eerste oorweging wat in gedagte gehou moet

32 *Idem*.
33 *Ibid*, p.72.
34 Vol 10, *State, Responsibility of States, International Law and Municipal Law*, North-Holland, Amsterdam, 1987, pp.384-389.
35 *Ibid*, p.384.
36 *Idem*.
37 Diaro de Governo, Series 1 (1974) p.977 en UN SC Res. 355 (1974)
38 G Scelle, *Precis De Droit Des Gens. Principes Et Systematique* 259 (1932), vertaling van LC Buchheit, *Secession: The Legitimacy of Self-Determination*, New Haven and London, 1978, p.133.

19 JULY 1993

A

520

word, volgens hom, om die legitimiteit van 'n voorgestelde sesessie te oorweeg, is die geografiese toestand van die oorblywende grondgebied van die staat na die skeiding.³⁹

Volgens Redslob se uiteensetting behoort die reg op sesessie beperk te word tot daardie groepe wat 'n duidelike persoonlikheid ("personality") en 'n sterk begeerte vir skeiding het. Getuigenis van hierdie onderskeidende kenmerke kan, volgens hom, in die onderskeidende geskiedenis van die etniese groep, en moontlik 'n verskil van godsdiens of taal gevind word. Laastens moet die betrokke groep se hunkering na skeiding diepgaande en opreg wees, en uit ondubbelsinnige optrede blyk.⁴⁰

Volgens Charles Rousseau⁴¹ bevat die reg op selfbeskikking in die internasionale reg twee aspekte; een negatief en die ander positief. Negatief beskou omvat dit die reg van 'n bevolking om nie teen sy wil onder 'n vreemde owerheid geplaas te word nie. Bykomstig het die reg op selfbeskikking 'n positiewe aspek in die reg van sesessie. Hiermee bedoel hy die

"right of a population to change governments, that is, to separate from the State to which they belong, either to incorporate themselves in another State, or to form an autonomous State".⁴²

Voorts het verskeie regsgeleerdes vanuit die Kommunistiese lande 'n juridies-erkende reg van sesessie, onderhewig aan bepaalde voorwaardes, erken. Aldus verklaar DB Levin⁴³ byvoorbeeld:

"The question of the object of the right of nations to self-determination is reduced to the question what rights and interests of a nation, people, nationality, etc., are included in their right to self-determination. Undoubtedly the most important element of this right is freedom of state secession and the formation of an independent state".⁴⁴

H Bokor-Szego⁴⁵ verklaar byvoorbeeld van die reg op sesessie:

"Modern international law ... recognizes the right of peoples and nations to secede from the State in which they live and to form independent states of their own".⁴⁶

39 *Le Principe des Nationalités*, 37 *Academie De Droit International, Recueil Des Cours I*, p.35 (1931). Sy opvattinge is uitgebrei in R Redslob, *Le Princip Des Nationalites* pp.119-128 (1931) en R Redslob, *Traite De Droit Des Gens* (1950), pp.419-422.
40 R Redslob, *Le Principe des Nationalités*, supra p.35.
41 37 *Acad. Recueil*, supra, pp. 36-37. Vir 'n soortgelyke standpunt sien M Sibert, *I Traite De Droit International Public: Le Droit D La Paix*, 1951, pp.304-305.
42 *Droit International Public*, 1953, p.81, vertaling van LC Buchheit, supra, p.135.
43 *Ibid*, p.81.
44 *The Principle of Self-Determination of Nations in International Law*, 1962, Soviet Y.B.Int.L.
45 *Ibid*, p.47.
46 *New States and International Law*, 1970.

In sy standaardwerk *Secession: The Legitimacy of Self-Determination* kom LC Buchheit tot die gevolgtrekking dat daar nie veel kommentare is wat die legitimiteit van so 'n reg sal ontken nie, en dat 'n beduidende persentasie die status van sesessie as 'n internasionale reg erken, onderhewig aan bepaalde voorwaardes.

Ten slotte beklemtoon hierdie skrywer dat eise vir sesessie, en die nodige legitimiteit daarvan, met die nodige erns deur die internasionale gemeenskap hanteer moet word:

"Given the urgent international implications of these appeals to an international legal right, the world community ought not to remain incapable of adjudging the legitimacy of such claims".⁴⁸

2.2.4 Die juridiese voorwaardes waaronder 'n volk of etniese groep kan wegbreek van die staat waarvan dit deel gevorm het en 'n nuwe staat vorm

Verskeie pogings is al in die verlede aangewend om die juridiese voorwaardes waaronder dit sou kon plaasvind, te formuleer.⁴⁹ Benewens die begeerte van die meerderheid van 'n etniese groep om dit te doen, is die volgende voorwaardes al geformuleer: "governmental capacity", bevolking, landsgebied en voldoende natuurlike hulpbronne om die ekonomiese en politieke onafhanklikheid van so 'n nuwe staat te verseker, sowel as 'n "indiscutable formation historique originale".⁵⁰ Cobban wys daarop dat toe die *Permanente Mandaat-Kommissie* toegestem het tot die erkenning van Irak as 'n onafhanklike staat, het dit baie soortgelyke terme as voorwaardes gestel, naamlik 'n gevestigde regering en 'n administrasie wat in staat is om noodsaaklike dienste in stand te hou, sowel as interne vrede, wette en 'n regsprekende organisasie wat gelyke en voortdurende geregtigheid aan almal laat toekom; voldoende finansiële hulpbronne, en die vermoë om sy territoriale integriteit en politieke onafhanklikheid te handhaaf.⁵¹

Volgens Cobban⁵² is dit makliker om hierdie voorwaardes op papier te sit as om dit in die praktyk toe te pas.⁵³ Die laaste voorwaarde is byvoorbeeld volkome afhanklik van die internasionale situasie en die beleid van sterker buurlande. Cobban gaan voort:

"All the conditions, in fact, are matters of degree, and only in extreme cases would they be beyond dispute. Moreover, such

47 *Ibid*, p.32.
48 *Supra*, p.136.
49 *Ibid*, p.137.
50 Sien A Cobban, supra, p.68.
51 B Lavergne, *Le Principe des Nationalités et les guerres*, 1921 p.22.
52 A Cobban, supra, p.68.
53 *Ibid*.

19 MAY 1998

A

521

tests have little relevance to national demands for self-determination. A nation fighting for its independence does not draw up a balance sheet of its qualifications, nor does the state against which it is rebelling normally look at the position from this angle".⁵⁴

2.2.5 Internasionale regsreëls met betrekking tot sesessie

In die gesaghebbende *Encyclopedia of Public International Law*⁵⁵ word daarop gewys dat die gebeure wat tot die totstandkoming van 'n nuwe staat lei, gewoonlik aspekte van die interne jurisdiksie van 'n staat raak. In die internasionale reg is sesessie tradisioneel erken as gevolg van 'n feitelike stand van sake wat gelei het tot 'n situasie waarin die konstitutiewe elemente vir 'n staat teenwoordig is, eerder as om voorwaardes vir die legaliteit daarvan neer te lê.⁵⁶

In die internasionale wêreld kom die reg op sesessie meestal in die nasionale konstitusies van state voor, soos dit byvoorbeeld in artikel 72 van die *Konstitusie van die Unie van Sosialistiese Sowjet-Republieke* van 21 Februarie 1977, in 'n deel van die aanhef van die *Konstitusie van Joego-Slawië*, van 21 Februarie 1974 en in artikel 201 van die *Konstitusie van Birma*, van 24 September 1947, gereël word.

'n Belangrike stap op weg na die vestiging van 'n internasionale legaliteit van sesessie, voortspruitend uit die reg op selfbeskikking van volkere, is vervat in die *Declaration on Principles of International Law concerning Friendly Relations and Co-operation among States*⁵⁷ in ooreenstemming met die *Handves van die VVO*, van 24 Oktober 1970. Na die verklaring van die reg van alle volkere om vryelik hulle politieke status te bepaal en hulle ekonomiese, sosiale en kulturele ontwikkeling na te streef, bevat die *Deklarasie* drie wyses waarop hierdie reg uitgeoefen kan word, naamlik:

"the establishment of a sovereign and independent State, the free association or integration with an independent State or the emergence into any other political status freely determined by a people constitute modes of implementing the right of self-determination by that people".⁵⁸

In spesifieke gevalle word die reg van sesessie, om die gestelde doelwitte te verwesenlik, eksplisiet uitgesluit:

"Nothing in the foregoing paragraphs shall be construed as authorizing or encouraging any action which would dismember or impair, totally or in part, the territorial integrity or political unity of

sovereign and independent States conducting themselves in compliance with the principle of equal rights and self-determination of peoples as described above and thus possessed of a government representing the whole people belonging to the territory without distinction as to race, creed or colour".⁵⁹

Ook kan gewys word op die feit dat die *Veiligheidsraad van die VVO* sesessie as onwettig gekarakteriseer het, selfs indien die betrokke nasionale gemeenskap (of groep) afskeiding nastreef. Aldus het Resolusie 169 (1961) met betrekking tot die Kongo inter alia bepaal dat hulle:

"strongly deprecate(d) the secessionist activities illegally carried out by the provincial administration of Katanga".⁶⁰

Ook het die *Algemene Vergadering* in Resolusie 31/4 van 21 Oktober 1971 ontken dat die eiland van Mayotte 'n reg het om te sesseer en verklaar dat die plebisiet, waarin die bevolking van Mayotte ten gunste van verbondenheid met Frankryk gestem het, oortree is en 'n skending van die soewereiniteit en territoriale integriteit van die Comoro-eilande behels het.⁶¹

C Haverland⁶² wys egter daarop dat die aangehaalde resolusie nie op bestaande regsreëls wat sesessie verhoed, gebaseer is nie:

"However, the resolutions cited are not based on existing legal rules prohibiting secession. International law does not address secessionist units except to the extent discussed above with regard to 'peoples'. The 'illegality' of secession, as proclaimed in these resolutions, refer either to the municipal illegality, as in the case of the Congo ... or, on the international level, to foreign intervention or the threat to international peace and security".⁶³

2.2.6 Sesessie en die totstandkoming van 'n nuwe staat

'n Nuwe entiteit wat as resultaat van sesessie vanaf 'n vorige soewereine staat tot stand gekom het, moet voldoende onafhanklikheid bewys voordat dit as 'n staat beskou sal word.⁶⁴ By geleentheid van die sesessie van Amerikaanse kolonies van Groot-Brittanje, het die staatspraktyk vir die eerste keer die konstitutiewe elemente van 'n staat neergelê, waarmee die voorwaardes vir onafhanklikheid ook neergelê is. Sedertdien het die staatspraktyk aangedui dat 'n sesessionêre regime voldoende onafhanklikheid verkry het indien dit sy grondgebied effektief regeer en met voortdurende stabiliteit, sodat daar geen moontlikheid is van die vorige soewerein om die sesessie ongedaan te maak

59 *Ibid*, p. 385.
60 *Ibid*, p. 385-386.
61 *Ibid*, p. 386.
62 *Idem*.
63 *Idem*.
64 *Idem*.

54 *Idem*, my kurs.
55 *Supra*.
56 *Ibid*, pp. 384 et seq.
57 UNA Res. 2625 (XXV).
58 *Encyclopedia of Public International Law*, *supra*, p. 385.

522

nie.⁶⁵

Volgens die moderne staatspraktyk blyk dit dat in gevalle waar die sesessionêre eenheid volle formele onafhanklikheid deur die vorige soewerein verleen word, die graad van effektiwiteit van die regering nie 'n deurslaggewende rol speel nie. In sulke gevalle word die nuwe entiteit in die algemeen as 'n staat gereken, selfs indien die graad van werklike beheer nie ooreenkom met die tradisionele voorvereistes van effektiwiteit nie.⁶⁶

C Haverland⁶⁷ wys daarop dat sedert 1945 internasionale staatspraktyk aantoon dat dieselfde graad van effektiwiteit nie vir alle state wat via sesessie tot stand gekom het, vereis word nie; daar word eerder 'n onderskeid getref tussen sesessionêre eenhede wat uit hoofde van die beginsel van selfbeskikking tot stand kom, en daardie state wat geen besondere legitimerende grond in die internasionale reg het nie.⁶⁸ Die staatspraktyk met betrekking tot die bepaling van staatwees van vorige kolonies wat gesesseer het, is tevrede met 'n laer graad van effektiewe kontrole deur die sesessionêre staat, as wat gewoonlik volgens die tradisionele reëls van die internasionale reg vereis word.⁶⁹

Ten aansien van die proses van dekolonisasie is dit duidelik dat 'n aanmerklike aantal gevalle voorgekom het waarin die staatskap van 'n vorige kolonie, wat gesesseer het, wye erkenning geniet het voordat sy regering die staatsteritorium effektief en met voldoende stabiliteit beheer het.⁷⁰ In hierdie verband kan die volgende as voorbeelde genoem word: Indonesië,⁷¹ Algerië,⁷² Guinee-Bissau⁷³ en Bangladesj.⁷⁴

Dit is voorts belangrik om daarop te wys dat die *Verenigde Volke* 'n stimulus aan die proses van dekolonisasie verleen het

"by applying rules appropriate for States to former colonies which have seceded at a time when they were not yet controlled by an effective and stable government. In 1947 the UN Security Council invited Indonesia, pursuant to Art 32 of the United Nations Charter, to participate in discussions in which its legal status was the very point in issue".⁷⁵

65 *Idem.*

66 *Idem.*

67 *Idem.*

68 *Ibid.*, p. 387.

69 *Idem.*

70 *Idem.*

71 A Taylor, *Indonesian Independence and the United Nations* (1960).

72 M Bedjaoui, *Law and the Algerian Revolution* (1961).

73 C Rousseau, *Guinée-Bissau, Chronique des Faits*, RGDIP, vol 78, (1974), pp. 1166-1171.

74 JJA Salmon, "Naissance et reconnaissance du Bangla-Desh", in *Multitudo Legum Ius Unum*, *Festschrift fr Wilhelm Wengler, vol I* (1973) pp. 467-490.

75 SCOR 181st meeting, 12.08.1947.

2.2.7 Sesessie en derde state

Die erkenning van sesesserende state het 'n wisselende belang in die internasionale reg, soos wat die verskillende internasionale leerstukke met betrekking tot die skepping van nuwe state nagevolg is.

Vroeëre leerstukke het 'n oordrag van soewereiniteit tesame met 'n opsegging van soewereine regte deur die vorige regeerder, vir die verkryging van staatskap deur 'n sesesserende eenheid, vereis.⁷⁶

Die erkenning van die sesesserende eenheid se nuut-verworwe staatskap deur die moederstaat is as die onontbeerlike voorwaarde van so 'n oordrag van soewereiniteit beskou.⁷⁷

Die moderne internasionale benadering in hierdie verband getuig daarvan dat 'n duidelike kentering plaasgevind het:

"Present doctrine acknowledges the possibility of an original, non-derivative emergence of States as subjects, of international law. The recognition of a secessionist entity's Statehood by the previous sovereign is accordingly regarded only as an ascertainment of a sovereignty previously gained".⁷⁸

In die *Encyclopedia of Public International Law*⁷⁹ word die historiese veranderinge wat in hierdie verband ingetree het, uitvoerig bespreek.⁸⁰

Histories het die vraag na die rol van erkenning deur die moederstaat in die verkryging van staatstatus deur sesessionêre eenhede ontstaan in gevalle waar 'n *de facto régime* 'n bepaalde landsgebied effektief beheer het wat deel van die moederstaat was voor die sesessie, en die moederstaat die nuwe entiteit nie as 'n staat beskou het nie.

Hierdie probleem is finaal opgelos deur die onafhanklikwording van die voormalige Spaanse kolonies in Suid-Amerika. Die Amerikaanse kolonies het hulle onafhanklikheid opeenvolgens vanaf 1809 verklaar, en hulle onafhanklikheid vir 'n lang tyd behou sonder enige formele erkenning deur die moederstaat of enige ander staat.⁸¹ Toe die situasie die punt bereik het waar die sesessionêre gebiede vry van enige Spaanse kontrole was en deur relatief stabiele plaaslike regerings regeer is - alhoewel Spanje destyds geweier het om erkenning te verleen - het die VSA die inisiatief geneem en die onafhanklike Republiek van Colombia in Junie 1822 erken.⁸² In 1825 het Groot Brittanje gevolg deur

76 *Encyclopedia of Public International Law*, supra, p. 387.

77 *Ibid.*, p. 387.

78 *Idem.*

79 *Idem.*

80 *Ibid.* pp. 387-388

81 *Ibid.*, p. 387.

82 *Idem.*

523

Argentinië, Colombia en Mexico as soewereine state te erken.⁸³

Sonder om uitdruklik toe te gee dat sy haar soewereiniteit oor die VSA verloor het, voor die opsegging van haar regte, het Groot Brittanje hiermee die beginsel onderskryf dat 'n nuwe staat, wat deur sesessie tot stand gekom het, oorspronklike en onafhanklike soewereiniteit mag verwerf, sonder die oordrag van soewereiniteit deur die moederstaat.⁸⁴

2.2.8 Is erkenning deur derde state 'n noodsaaklike vereiste?

Die belang van die erkenning van die staatskap van 'n sesessionêre eenheid deur derde state, is 'n kontroversiële vraagstuk in die internasionale reg.⁸⁵ Van die debat wat tans in hierdie verband heers verklaar C Haverland;

"The character of the recognition is disputed among the adherents of the constitutive and declaratory theories. The former regard recognition as a constitutive element of Statehood; the latter conceive Statehood independently from recognition, whereby recognition is only a declaratory act".⁸⁶

Die oplossing van hierdie vraag skyn eerstens daarin te lê dat net so min as wat goedkeuring deur die moederland nodig is vir 'n nuwe staat om tot stand te kom, net so min die erkenning van ander derde state hiervoor nodig is.

Tweedens is dit belangrik om na die redes te kyk waaronder state in die verlede nie erkenning in die internasionale reg gekry het nie. Volgens die vooraanstaande skrywer oor die internasionale reg, JA Frowein,⁸⁷ word erkenning in die volgende twee gevalle geweier: (a) Waar die staat wat op erkenning aanspraak maak bloot 'n "poppestaat" van die moederstaat is en nie werklik onafhanklik van die moederstaat bestaan nie, soos byvoorbeeld Manchakuo - as so 'n Japanese "poppestaat" - en Croatia - as 'n skepping van Duitsland,⁸⁸ en (b) waar onafhanklikheid teweeggebring word deur 'n blanke minderheidsregering van 'n vorige koloniale gebied en die selfbeskikking nie ook deur die swart meerderheid van die bevolking gesteun word nie.⁸⁹

2.2.9 Die regsgevolge van sesessie

In die algemeen beheers die reëls met betrekking tot staatsuksesie die regte en verpligtinge van 'n nuwe staat. Dit is ook waar in die geval van 'n nuwe staat wat nie erken is nie. Die blote feit dat 'n staat nie erken word nie, tas nie die "staatskap" van so 'n staat aan nie. Die *Encyclopedia of Public International Law* verklaar:

"Third States often maintain a considerable number of relations

83 *Idem*.
84 Sien I Smith, *Great Britain and the Law of Nations*, 1932, pp151 et seq.
85 *Encyclopedia of Public International Law*, supra, p 388.
86 *Idem*.
87 "Recognition" in *Encyclopedia of Public International Law*, *ibid*, pp.340, et seq.
88 *Ibid*, p.342.
89 *Idem*.

which are governed by rules of international law with States they do not recognize, for example in the case of joint membership in international governmental organizations. In modern international law, the non-recognition of a secessionist régime which beyond doubt qualifies as a State does not permit the non-recognizing State to ignore the Statehood of the entity in question".⁹⁰

In sy kodifikasie van die suksesie van state met betrekking tot verdrae, onderskei die *Internasionale Regskommissie* tussen vorige afhanklike gebiede (kolonies, gebiede in terme van die Verenigde Volke Trusteekapstelsel, mandate, protektorate) en vorige integrale dele van 'n unitêre staat, en sluit slegs vorige afhanklike gebiede onder die benaming "nuwe onafhanklike state" in.⁹¹

In sy tweede kodifikasie van die suksesie van state, het die *Internasionale Regskommissie* die onderskeid tussen die verskille in status van die gebiede wat onafhanklikheid verkry, gehandhaaf. Benewens die insluiting van bepalinge met betrekking tot die suksesie van state ten aansien van "nuwe onafhanklike state" het dit ook reëls neergelê met betrekking tot die "seperation of part or parts of the territory of a State which form a successor State".⁹²

Uit hierdie en ander internasionale bronne blyk dit ondubbelsinnig dat die regstatus van 'n staat wat deur middel van sesessie tot stand kom, in alle opsigte dieselfde as dié van 'n onafhanklike en soewereine staat is.

2.2.10 Die toepassing van die reg op selfbeskikking van volkere en die probleem met betrekking tot grense

Die *Konferensie van Parys* het uitvoerig aandag aan die vraagstuk van grense gegee. As vrug van die besprekings het vier teenstrydige beginsels na vore gekom: (a) historiese regte; (b) natuurlike grense; (c) strategiese grense en, (d) nasionale selfbeskikking.⁹³

Volgens Cobban is (a) in die meeste gevalle gevaarlik en waardeloos. Feitlik elke betwiste grens in Europa beliggaam twee of meer onversoembare historiese regte.⁹⁴

Volgens hom is die idee van natuurlike grense moeiliker om te betwis; dit het 'n belangrike rol in nasionale beleidsformulering in die verlede gespeel en is nog steeds 'n invloedryke konsep. Moderne aandrykskundiges het heftig teen die opvatting van die staat as 'n geografiese eenheid, gekenmerk deur

90 *Ibid*, p 388.
91 Deel I, art 2 en deel III van die *Vienna Convention on Secession of States in Respect of Treaties*, 23 08 178, UN Doc. A/CONF.80/31)
92 *Encyclopedia of Public International Law*, supra, p 388.
93 Sien A Cobban, supra, p.174.
94 *Idem*.

19 MAY 1993

A

524

natuurlike grense, beswaar gemaak.⁹⁵ Volgens hulle is die staat 'n skepping van die mense wat die geografiese kenmerke wat op 'n kaart indrukwekkend mag lyk, oortref. Oor die algemeen word riviere as swak staatsgrense beskou; dit is eerder 'n kontakpunt as 'n skeiding tussen bevolkings aan weerskante daarvan. Riviervalleie het vroeër die groeipunte van nasionale ontwikkeling gevorm. Rivergrense het seld in die geskiedenis 'n langdurige grondslag vir staatsgrense kon bied.⁹⁶

Op die oog af blyk berge beter staatsgrense te vorm:

"They appear to be destined by nature to act as barriers. We find in fact, however, that most of the mountain chains of Europe are inhabited by a similar population on both sides. The Pyrenees divide the Basque nation in two at their western end, and the Catalan nation at the east".⁹⁷

Dit blyk dat die moderne aardrykskunde oorwegend teen natuurlike grense gekant is. R Hartshorne verklaar in hierdie verband:

"All political boundaries are man-made, that is, artificial; obviously, they are not phenomena of nature. Consequently man, not nature, determines their location; we must eliminate, therefore, any distinction between 'natural' and 'artificial' political boundaries".⁹⁸

Die gevolgtrekking van Cobban is dat fisiese-geografiese kenmerke weinig hulp bied in die bepaling van grense tussen state.⁹⁹

Wat die strategiese argument betref, het verskeie skrywers daarop gewys dat grense wat slegs deur militêre oorwegings bepaal word, onvermydellik onstabiel is, tensy hulle vasgestel word in die geval van baie sterk moonthede teen baie swak state.¹⁰⁰

Die gevolgtrekking van Cobban is dat grense sover as moontlik nasionale lyne moet volg, waar dit vasgestel kan word.¹⁰¹ As sodanig het grense weinig nut as dit nie ook met die vasstelling van sones tussen state gepaard gaan nie. K

95 *Idem.*

96 *Idem.*

97 A van Gennep, *Traite' comparatif des nationalités: I les éléments extérieurs de la nationalité*, 1922., p.164.

98 R Hartshorne, "A Survey of the Boundary Problems of Europe", in Colby, *Geographic Aspects of International Relations*, p.164.

99 *National Self-Determination, supra*, p.175.

100 *Idem.* In hierdie verband verwys hy goedkeurend na Karl Marx, *Address to the General Council of the International Working-men's Association*, 9.09.1870 wat soos volg verklaar het: "If limits are to be fixed by military interests there will be no end to claims, because every military line is necessarily faulty, and may be improved by annexing some more outlying territory; and, moreover, they can never be fixed finally and fairly, because they always must be imposed by the conquerer upon the conquered, and consequently carry within them the seed of fresh wars".

101 *Supra*, p.176.

Haushofer verklaar in hierdie verband:

"Above all, where we wished to make a clean division we have found not lines but belts, zones with a special life of their own".¹⁰²

Volgens prof Carr beteken dit dat die tradisionele opvatting van grense sal moet verander:

"The tradition which makes the drawing of frontiers the primary and most spectacular part of peace-making has outlived its validity ... The urgent need now is to alter not the location, but the meaning, of frontiers".¹⁰³

Langs die weg van hierdie strategiese oorwegings kan die voortbestaan van kleiner volkere en state verseker word:

"The great powers will certainly meet with violent opposition if they seem to ride rough-shod over the rights of other nations. They can only succeed permanently by gaining the co-operation of the smaller nations: however we have to limit the abstract principle of self-determination, this fact remains. But there is a mistake to suppose that there is any necessary opposition between the interests of great and smaller states. If the great powers desire to take strategic precautions and direct economic policy in the interests of general peace and prosperity, the smaller nations have no quarrel with these ends. They are more likely to have a grievance against the great powers for not accepting their responsibilities than for accepting them."¹⁰⁴

2.3 DIE ERKENNING VAN DIE REG TOT SESESSIE IN DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENEREG: ROMEINS-HOLLANDSE REG EN ENGELSE REG

2.3.1 *Die rol van sesessie in die Romeinse en Romeins-Hollandse regferenisse van die Suid-Afrikaanse gemenerereg, hang saam met die ontwikkeling wat daar in die natuurregdenke in hierdie verband plaasgevind het.*

Na die oplewing in die Aristoteliese opvatting van die staat in die middeleeue het dit 'n populêre denkwysse geword om die staat as organiese geheel te

102 *Grenzen: in ihrer geographischen und politischen Bedeutung*, 2de uitg. 1932, p.26. Sien ook CB Fawcett, *Frontiers, a Study in Political Geography*, 1918, pp.17-24.

103 EH Carr, *The Conditions of Peace*, p.241.

104 A Cobban, *supra*, p.179.

10 MAY 1933

A

47

525

beskou,¹⁰⁵ in terme waarvan die verhouding tussen die staat en die individuele burgers beskou is as 'n verhouding analoog tot dié van 'n liggaam tot sy samestellende organe.¹⁰⁶ In terme van hierdie natuurregopvatting oefen die staat verteenwoordigend van die kop, kontrole of soewereiniteit oor al die ander organe uit. In fisiologiese sin is voorts verklaar dat geen afsonderlike orgaan of groep van organe vanuit die lewende organisme onttrek kan word, sonder om sowel die orgaan as hele liggaam te vernietig nie. Alhoewel sommige latere skrywers toegegee het dat die staat gevorm is deur die assosiasie van alle individue en dat die geheel van individue teoreties kon verkies om hulle van die staat te disassosieer, was min teoretici wat hierdie analogie toegepas het, bereid om die implikasies van die organiese teorie te minag waar dit op die sesessie van geïsoleerde groepe in die staat aangekom het. Sover terug as 494 vC bv word gesê dat die Romeinse konsul Menenius Agrippa van 'n "organiese" gelykenis gebruik gemaak het om die beroemde poging tot sesessie deur die Plebs ongedaan te probeer maak.¹⁰⁷ Gevolglik het die organiese beeld van die sosiale verhouding in die staat weinig gesag daarvoor gebied dat 'n groep die reg kan hê om van die heersende staat af te skei.¹⁰⁸ Hierdie staats-absolutistiese opvatting van die staat was die direkte gevolg van die standpunte van Plato en Aristoteles, naamlik dat die staat as "hoogste" samelewingskring, onskendbaar in sy eenheid is en alle fasette van die mens se lewe tot in die fynste besonderhede reguleer.

Van veel groter filosofiese belang was egter die natuurregopvatting waarvolgens die staat met sy kenmerk van soewereiniteit onderskeibaar is van die nie-soewereine kleiner gemeenskappe en genootskappe waaruit dit saamgestel is.¹⁰⁹ Gedurende die negentiende eeu het die Duitse teoretikus, Otto Gierke, hierdie ontwikkeling in detail ondersoek en tot die gevolgtrekking gekom dat die staatsabsolutisme van die Middeleeue versuim het om die natuurlike regte van hierdie groepe en assosiasies te erken:

"Deprived ... of the sanction of Natural Law, associations were unable to vindicate an inviolable right of existence against either the State or the Individual. With the sacred and indestructible rights of the sovereign community confronting them on one side, and no less sacred and indestructible rights of the individual personality confronting them on the other, it became a question of

105 Vir verwysings na vroeëre natuurregteorieë wat op organiese analogieë gebaseer is, sien O Gierke, *Natural Law and the Theory of Society 1500 to 1800*, p.14, n.92 (E Baker-vert. 1934). Sien ook BD Jouvenal, *On Power: Its Nature and the History of its Growth*, pp.43-59 (J Huntington-vert. 1969).

106 Sien vn 105, *supra*.

107 Vir Livius se weergawe, sien sy *History of Rome*, Boek 2, hoofstuk 32.

108 Sien LC Buchheit, *supra*, p.48.

109 *Idem*.

mere utility what measure of rights they ought to be granted".¹¹⁰

Dit was eers die opkoms van die "federalistiese" teorie van sosiale strukture in die sestiende eeu en wat gepostuleer het dat 'n staat saamgestel is uit kleiner gemeenskappe - eerder as 'n samevoeging van eiestandige individue - wat die status van hierdie assosiasies van 'n vaste basis in die natuurregsdenke voorsien het.¹¹¹

Die bekendste aanhanger van hierdie teorie, Johannes Althusius (1577-1638), het assosiasies in vyf hoofgroepe verdeel: die gesin, die korporasie, die plaaslike gemeenskap, die provinsie en die staat. Volgens Althusius is elke vlak saamgestel uit die kontraktuele verënhiging van kleiner groepe sodat, terwyl individue die samestellende dele van die laere vlakke - soos die gesin - slegs plaaslike gemeenskappe en provinsies die sosiale verdrag wat die staat tot stand bring, kan sluit.¹¹²

Volgens Althusius het elke assosiasie 'n natuurreg-grondslag, soortgelyk aan die staat, en elkeen behou 'n deel van sy natuurlike regte wanneer dit 'n kontrak sluit om in 'n groter geheel op te gaan.¹¹³ Baie belangrik is dit om daarop te let dat een van die regte wat elke provinsie behou wanneer dit 'n staat vorm, die reg is om van die staat te sesseer, oftewel af te skei, indien dit nodig mag wees. LC Buchheit verklaar hiervan:

"It is in this way that Althusius's analysis of society as a series of concentric associational levels, each retaining certain natural rights despite participation in wider associations, allows him to admit explicitly a right of secession on the part of local communities or provinces without condemning society to a disintegration into perpetually warring individuals".¹¹⁴

In soortgelyke trant, maar op 'n ander grondslag, erken Hugo Grotius 'n reg van sesessie van minderhede onder bepaalde omstandighede.¹¹⁵

Volgens Grotius het die staat enersyds geen reg om deel van sy grondgebied te sedgeer sonder die inwoners se toestemming nie.¹¹⁶ Andersyds verklaar hy, kan 'n deel van die staatsbevolking hulle nie eensydig van die staat onttrek nie,

"unless it is evident that it cannot save itself in any other way".¹¹⁷

110 O Gierke, *supra*, vn 105, op p.64. Aangehaal in Buchheit, *supra*, p.49.

111 Vir 'n verwante bespreking van die reg van verset deur korporatiewe liggame in vroeë Protestantse denke, sien G Sabine, *A History of Political Theory*, 3e uitg. 1971, pp.375-384.

112 Sien LC Buchheit, *supra*, p.49.

113 *Idem*.

114 *Ibid*, p.50.

115 Sien *Idem*.

116 H Grotius, *De Jure Belli Ac Pacis Libri Tres*, hfst 6, par.4 (F Kelsey-vert. 1964).

117 *Ibid*, hfst 6, par.1.

525

Grotius aanvaar dus 'n reg van sesessie waar die omstandighede voldoende regverdiging bied. In hierdie verband gebruik hy ook die "organiese" terminologie, naamlik

"the right which the part has to protect itself"

skryf hy, is groter as

"the right of the body over the part".¹¹⁸

Voorts verklaar Grotius dat wanneer daar so 'n sesessie voorkom, die seserende deel 'n reg uitoefen wat dit oorspronklik gehad het en

"employs the right which it had before entering the association".¹¹⁹

Op hulle beurt het Emmerich de Vattel en John Locke die reg op afskeiding van die owerheid oor die boeg van weerstand teen onderdrukking gegooi.¹²⁰

GEVOLGTREKKING

Sedert die Middeleeuse opvatting van die absolute staat het daar in ons gemenerereg en op die grondslag van die heersende natuurregteorieë, toenemend verset teen die staatsabsolutisme wat die ou Griekse en Romeinse staatsdenke weerspieël het, na vore gekom.

Die gevolg was dat daar toenemend erkenning aan die natuurlike reg van groepe binne die staat verleen is om, waar hulle voortbestaan in die gedrang kom, van die staat af te skei en 'n afsonderlike bestaan los van die staat, in 'n nuwe staatsorde, te voer.

Dit getuig met ander woorde van die toenemende bewuswording van die erkenning van die beginsel van vryheid in eie bevoegdheid van nie-staatlike samelewingskringe.

2.3.2 In sy bespreking van die reg op selfbeskikking in die Britse Ryk wys A Cobban¹²¹ daarop dat die Engelse standpunt in dié verband vir die reg van sesessie voorsiening gemaak het. Aangaande die vroeëre Amerikaanse kolonies verklaar hy:

"The British Government saw no *via media* between the sovereignty of Parliament and secession, and forced the American colonies to make the choice between legislative subjection to a parliament in which they were not represented and the assertion of a right of self-determination".¹²²

Hierdie gedagterigting het toenemend posgevat sodat gesê sou kon word dat

118 *Ibid*, hfst 4 par 6.

119 *Idem*.

120 Sien LC Buchheit, *supra*, pp.51 et seq.

121 *Supra*, pp 80 et seq.

122 *Ibid*, p 81.

die geskiedenis van Kanada, Australië en Nieu-Seeland die geskiedenis van geleidelike aflegging van outonome gesag aan die kant van Groot Brittanje en 'n toenemende afname in imperiale beheer is. Die kulminasiepunt van hierdie ontwikkeling het na vore gekom in die verslag van die *Inter-Imperial Relations Committee van die Imperial Conference* van 1926, wat verklaar het dat die selfregerende state van die Ryk

"are autonomous communities within the British Empire, equal in status, in no way subordinate one to another in any aspect of their domestic or external affairs, though united by a common allegiance to the Crown, and freely associated as members of the British Commonwealth of Nations".¹²³

Die reg van sesessie het ook stelselmatig as logiese kulminasiepunt van die reg op selfbeskikking ontwikkel. A Cobban verklaar:

"How completely the right to self-determination has been accepted in the British Commonwealth can be seen if we take what has come to be regarded as the acid test, the right of secession".¹²⁴

Die ontwikkeling van die erkenning van hierdie reg kan soos volg geskets word: In die besprekings wat die Ierse Verbond vooraf gegaan het, was die Britse Regering nie bereid om die reg van sesessie te erken as deel van die toegewings van die Britse Regering nie.¹²⁵

By die *Round Table Conference* oor Indië in 1930, toe Srinvasa Sastri daarop aanspraak gemaak het dat dominium-status ook die reg van sesessie impliseer, is sy standpunt deur Lord Chelmsford teengestaan, wat verklaar het dat die toegewing van verantwoordelike regering gekwalifiseer word deur die frase "*binne die Ryk*".¹²⁶

In Suid-Afrika was generaal Smuts met sy holistiese filosofie 'n voorstaander van die standpunt dat daar geen konsitusionele reg van sesessie is nie, maar in 1929 het die Suid-Afrikaanse Parlement, met die aanvaarding van die verslag van 'n Imperiale Konferensie oor skeepvaart, dit aangeneem met die voorwaarde dat dit nie beskou moet word

"as derogating from the right of any member of the British Commonwealth of Nations to withdraw therefrom".¹²⁷

Sedertdien het die Britse standpunt met betrekking tot sesessie vinnig ontwikkel.

123 AB Keith, *Speeches and Documents on the British Dominions, 1918-1931*, 1932, p 161.

124 *Supra*, p 83.

125 *Idem*.

126 WT Elliot, *The New British Empire*, 1932, p 196, vn 1

127 Aangehaal in WK Hancock, *Survey of British Commonwealth Affairs*, vol 1, *Problems of Nationality*, 1918-1936, p 174.

19 JULY 1993

A

527

kel.¹²⁸ Toe generaal Hertzog in 1930 van die *Imperiale Konferensie* terugkeer, kon hy rapporteer dat dit kennis geneem het van sy eis vir die reg van sesessie.¹²⁹

In 1933 het De Valera gevra of strafmaatreëls geneem sal word indien die Ierse Vrystaat die Britse bande sou opsê. Die Britse regering het geweier om 'n antwoord te verstrek op wat dit 'n hipotetiese vraag genoem het.¹³⁰ Volgens Cobban was die posisie minder hipoteties as wat aanvanklik gemeen is, want binne enkele jare het Ierland vreedsaam van die Ryk weggebreek en kan dit aanvaar word dat die reg van sesessie vir die dominiums nou 'n erkende feit was.¹³¹ Met die sesessie van Ierland is 'n **verdere** stap in die ontwikkeling van die reg op selfbeskikking sedert die Amerikaanse Vryheidsoorlog bereik:

"The history of the development of the dominions into autonomous communities, reaching theoretical completion in the peaceful secession of Eire from the British Commonwealth, is sufficient evidence of the progress of the right of self-determination in the British political mind since the time of War of America Independence".¹³²

2.4 WAT IS DIE LEGALITEITSKRITERIA VIR SESESSIE VOLGENS DIE SUID-AFRIKAANSE GEMENEREG EN DIE INTERNASIONALE REGSPRAKTYK?

2.4.1 Uit die voorgaande uiteensetting vloei die volgende gevolgtrekkings:

(a) Sesessionêre aktiwiteite is 'n onvermydelike internasionale verskynsel,

128 *The British Empire*, Royal Institute of International Affairs, 1937, pp.67-68.

129 A Cobban, *supra*, pp.83-84.

130 A Cobban, *idem*.

131 *Ibid*, p.84: "The matter was perhaps less hypothetical than it imagined, for in the course of the next few years Eire peacefully seceded from the Empire, and it can be said that the right of secession for the dominions is now a recognized fact".

132 *Ibid*, p.86. Die teks van die Balfour-verklaring van 2.11.1917 kon moontlik reeds as so 'n kentering tov sesessionêre selfbeskikking deur Brittanje gesien word; dit lui soos volg: "Dear Lord Rothchild, I have much pleasure in conveying to you, on behalf of His Majesty's Government, the following declaration of sympathy with the Jewish Zionist aspirations which have been submitted to, and approved by, the Cabinet: 'His Majesty's Government view with favour the establishment in Palestine of a national home for the Jewish people, and will use their best endeavours to facilitate the achievement of this object, it being clearly understood that nothing shall be done which may prejudice the civil and religious rights of existing non-Jewish communities in Palestine, or the rights and political status enjoyed by Jews in any other country'. I should be grateful if you would bring this declaration to the knowledge of the Zionist Federation. Yours sincerely, AJ Balfour".

wat waarskynlik in die toekoms meer dikwels sal voorkom.¹³³

(b) Talle pogings tot sesessie grond hulle beroep in die internasionale leerstuk van selfbeskikking.¹³⁴

(c) Daar is tans nie internasionale konsensus met betrekking tot die vraag wat die status van sesessie binne hierdie leerstuk is nie.¹³⁵

Talle standpunte wys egter daarop dat dit 'n onhoudbare inkonsekwentheid in die internasionale reg sou wees indien die selfbeskikkingsreg van volkere erken sou word, maar sesessie as die finale stap om die politieke selfbeskikking te verwesenlik, ontken sou word.¹³⁶ In sy artikel "The Cultural Rights of Peoples",¹³⁷ verklaar Van Dyke dat die reg tot sesessie nie deur die verbod op skending van die staatsterritorium verhoed word nie:

"An obvious paradox exists in asserting, on the one hand, that peoples are entitled to equal rights, to selfdetermination, and to preserve their culture and, on the other hand, that they may not have the right to sovereignty that other peoples enjoy. In effect, the Ibos and the Bengalis revolted against this principle; and leaders of many minority peoples over the world (some leaders of the French-Canadians, for example) contemplate a similar course of action".¹³⁸

Die spanning tussen die reg op selfbeskikking en die verbod teen skending van die staatsterritorium kan egter opgelos word deur die reg op sesessie te beperk tot daardie gevalle waar 'n aaneengeslote stuk grondgebied uit die moederland afgegrens en uitgesny kan word, sonder om die geografiese territorium onnodig te versnipper of te skend.¹³⁹

(d) LC Buchheit¹⁴⁰ wys daarop dat die huidige onvermoë om tussen legitieme en illegitieme eise tot sesessionêre selfbeskikking te onderskei, die internasionale gemeenskap ernstig aan bande lê in sy pogings om gevalle van ongeoorloofde inmenging deur derde partye in sesessionêre konflikte te beperk.

'n Ondersoek na die internasionale legitimeit-standaarde vir sesessie bring

133 LC Buchheit, *supra*, p.216.

134 *Idem*.

135 *Idem*: "Third, at the present time there is neither an international consensus regarding the status of secession within this doctrine nor (should it be conceded such a status) is there an accepted teaching regarding the nature of a legitimate secessionist movement".

136 Sien by Yoram Dinstein, "Collective Human Rights of Peoples and Minorities", in *International and Comparative Law Quarterly* 25 (January 1976), pp.104-105 AWG Raath en SA Strauss, "Projek 58: Groeps- en Menseregte: Verdere Voorlegging", 1990, p.8 vn 20 en die gesag daar aangehaal.

137 In *Human Rights Quarterly*, vol 2 (April-June 1980), pp.1 et seq., op p.4.

138 *Ibid*, pp.4-5.

139 Vgl by A Cobban, *supra*, p.68.

140 *Supra*, p.216.

19 MAY 1980

A

528

volgens Buchheit¹⁴¹ die volgende redelik-gesistematiseerde norme aan die lig:

(i) Die volk of groep wat op sesessie aanspraak maak moet aantoon dat dit 'n eie entiteit met 'n onderskeibare identiteit is, wat in staat is tot 'n onafhanklike voortbestaan of gewillig om homself by 'n bestaande lewensvatbare eenheid te voeg:

"First, the claimant must demonstrate that it in fact is a 'self' (this much is implicit in the phrase self-determination) capable of independent existence or willing to annex itself, to an existing, viable entity (an inescapable condition when the claim is for secessionist self-determination)".¹⁴²

(ii) Tweedens moet die aanspraakmaker aantoon dat voldoening aan sy eie waarskynlik 'n groter mate van internasionale harmonie tot gevolg sal hê, as wat die geval sou wees indien die aanspraak op sesessie nie eerbiedig word nie:

"Second, the claimant must show that acquiescence in its demand would be likely to result in a greater degree of world harmony (or less global and societal disruption) than would be the case if the existing union were preserved".¹⁴³

Dit is belangrik om daarop te let dat hierdie maatstawwe geen onbuigsame kriteria bied nie. Buchheit verklaar in hierdie verband:

"As will be suggested below, these elements do not constitute a set of 'necessary conditions' of legitimacy, to be satisfied by every claimant group to the same degree. A determination of legitimacy in a particular case can be reached by balancing the general interests of the world community and the remaining State against the strength of the claimants' argument for a right of self-determination".¹⁴⁴

2.4.2 Die interne meriete van 'n aanspraak op sesessie

In die geskiedenis van die reg op selfbeskikking en die daaruit-voortvloeiende reg op sesessie, is dié leerstuk deurentyd so verstaan dat as vereiste gestel is dat dit 'n aanspraak van 'n nasie, volk, koloniale volk, of 'n ander groepering met 'n soortgelyke etnologiese basis moet wees.¹⁴⁵ Dit was nooit die bedoeling dat dit 'n groep mense kan insluit wat, byvoorbeeld slegs deur gemeenskaplike ekonomiese belange saamgesnoer word maar andersins volkome identifiseerbaar met die res van die bevolking kan wees nie.

Hierdie beperking is, volgens Buchheit, korrek omdat hierdie parogiale

141 *Ibid*, pp.228 et seq.

142 *Ibid*, p.228.

143 *Idem*.

144 *Idem*.

145 *Idem*.

argument op twee "feite" berus:

Eerstens is mense in die algemeen meer bereid om deur hulle eie mense (in 'n rasse-, kulturele, linguïstiese, historiese sin) regeer te word.¹⁴⁶ Tweedens leer die geskiedenis dat regering van 'n spesifieke groep deur 'n vreemde bevolking dikwels in onderdrukking, vernedering en eksploitasie geëindig het.¹⁴⁷ Deur elemente van groeps-identiteit te vereis, kies die leerstuk van selfbeskikking daardie faktore wat aanleiding gee tot parogiale sentimente en wat op hulle beurt waarskynlik tot regering gebaseer op ooreenkoms, aanleiding sal gee.

Buchheit onderskryf hierdie kriterium:

"The limitation of the principle to distinct selves is consequently a useful and realistic restriction".¹⁴⁸

In die internasionale samelewing is daar voorts geen gebrek aan gesprek oor wat groepsidentiteit konstitueer nie. In hierdie verband kan na die beslissing van die *Permanent Court of International Justice* in die *Greco-Bulgarian "Communities"*-saak¹⁴⁹ verwys word. In hierdie saak is 'n gemeenskap ("community") geïdentifiseer as 'n entiteit wat sowel objektief as subjektief onderskeie is. 'n Gemeenskap word dan gedefinieer as

"a group of persons living in a given country or locality having a race, religion, language and traditions of their own, and united by the identity of such race, religion, language and traditions is a sentiment of solidarity".¹⁵⁰

Indien aanvaar word dat groepsidentiteit aangetoon mag word met verwysing na kulturele, rasse-, linguïstiese, historiese, of godsdienstige faktore, is die volgende ook van belang:

Eerstens kan die leerstuk van selfbeskikking nie gerek word om te vereis dat al hierdie faktore by elke groep teenwoordig moet wees nie - slegs 'n redelike aanduiding van identiteit (andersheid) is nodig.¹⁵¹

Tweedens is daar die gevaar dat pogings aangewend kan word om die leerstuk te implementeer, met die uitsluiting van ander faktore.

Derdens wys Buchheit daarop dat die groep wat aanspraak op sesessie maak 'n bepaalde grondgebied moet bewoon.¹⁵² In die geval van getal-

146 *Idem*.

147 *Ibid*, pp.228-229.

148 *Ibid*, p.229.

149 [1920]P.C.I.J., ser B, No. 17, op p.33.

150 *Idem*.

151 LC Buchheit, *supra*, p.229.

152 *Idem*. Vir 'n bespreking van die vraag of 'n grondgebied noodsaaklik is vir die ontwikkeling van 'n nasionalistiese sentiment sien die verwysing na Hertz in Buchheit, *idem*, p.229, vn 12.

19 MAY

A

529

legewys-onbenullige groepe, soos die Europese Jode of die Amerikaanse Negers wat met die geheel van die bevolking vermeng is, sal eise om sesessie op grond van hierdie vereiste nie geldig wees nie.¹⁵³

Met die Afrikaners in Suid-Afrika is dit anders gesteld omdat daar in Suid-Afrika vanaf die vroegste tye na koloniserings van die Kaap 'n beleid van partisie gevolg is, op grond waarvan die gekleurde volkere nie eiendomsreg kon kry waar hulle wou nie. Ook is die Afrikanergetalle proporsioneel heelwat meer as wat met die Jode en Negers die geval is. Bykomstig kan daar ook duidelik predominante gebiede geïdentifiseer word waar blanke Afrikaners hulle om historiese redes gevestig het.

Die tweede aspek van die interne meriete van die sesesserende groep se aanspraak - dat die eiser in staat moet wees tot 'n onafhanklike bestaan na afloop van afskeiding - kan ook empiries geverifieer word.¹⁵⁴

Die belangrike oorwegings in hierdie verband is die minimum voorwaardes vir ekonomiese lewensvatbaarheid en die moontlikhede vir 'n basiese politieke struktuur.¹⁵⁵

Bykomstig moet die eiser in staat wees om 'n basis vir die toekomstige samebinding (of samesnoering) van sy bevolking aan te toon. In 'n sekere mate sal die getuienis van samebinding op dieselfde faktore van rasse-, taal-, godsdienstige en kulturele identiteit berus, in terme waarvan die groep se identiteit bepaal kan word.¹⁵⁶

Ten slotte moet drie verdere aspekte beklemtoon word:

- (a) Die vereistes vir 'n lewensvatbare, onafhanklike entiteit is nie noodwendig identies met daardie wat vir staatwees nodig is nie.¹⁵⁷
- (b) Daar behoort nie onnodige klem geplaas te word op die adjektief "onafhanklik" in die frase "lewensvatbare, onafhanklike entiteit" nie. Uiteraard, sê Buchheit, moet die entiteit lewensvatbaar wees sonder die huidige regerende staat (en dus in daardie sin onafhanklik), maar dit hoef byvoorbeeld nie die eienskappe van ekonomiese onafhanklikheid te vertoon nie:

153 *Idem*.
154 Volgens Buchheit, *idem*, kan die suggestie dat hierdie faktore vir empiriese verifikasie vatbaar is *ad absurdum* gevoer word, sien bv. Dodd, "The Scientific Measurement of Fitness for Self-Government", 78 *Scientific Monthly*, (Feb. 1954), p. 94 se suggestie dat 'n afhanklike volk se vermoë van selfregering geweeg kan word, deur 350 eenhede van geskiktheid vir selfregering, afgelei vanuit 'n gelyke aantal "objektief waarneembare verskynsels", te beoordeel.
155 LC Buchheit, *ibid*, p. 230.
156 *Idem*.
157 *Idem*, pp. 230-231.

"In today's world, this latter form of independence is a rare occurrence indeed and one which the vastly independent world community could hardly ask of a seceding province".¹⁵⁸

'n Soortgelyke gevolgtrekking moet ook bereik word op die gebied van militêre weerbaarheid; behalwe vir enkele state, is die heersende *modus operandi* vir militêre selfbeskerming om in defensiewe alliansies en bondgenootskappe betrokke te raak. Daar is baie min state wat hulle eie militêre vermoë as voldoende afweermiddel teen aggressie kan beskou.

(c) 'n Mens kan nie, onder die dekmantel van die vereiste getuienis van toekomstige lewensvatbaarheid, bewys van toekomstige voorspoed verlang nie. Die vereiste standaard vir lewensvatbaarheid is dus van 'n lae graad; dit is dus nie wesenlik belangrik dat die bevolking van die sesesserende eenheid 'n daling in lewenstandaard mag ondergaan of 'n ander vorm van ongerief na sesessie kan ly nie:

"In short, the international community might reasonably seek to prevent a group from committing social suicide (because it will inevitably be left with the problem of disposing of the corpse), but it cannot forcibly prevent a self-inflicted wound where this is the freely chosen decision of the people involved".¹⁵⁹

2.4.3 Die disruptiewe faktor

Selfs nadat die identiteit van die groep bepaal is, en daar vasgestel is dat dit 'n bestaan los van die huidige regerende staat *kan hê*, moet ons nog bepaal of sesessie toegelaat behoort te word.

Om hierdie vraag te beantwoord moet ons bepaal of die toestemming tot sesessie sal dien om die algemene internasionale harmonie te bevorder - 'n aangeleentheid wat sowel die belange van die inter-staatlike orde as die doel om toestande wat sosiale ontwikkeling en menslike waardigheid raak, aan te moedig.¹⁶⁰

Omdat sesessie noodwendig 'n verandering in die *status quo* meebring, is dit, volgens Buchheit, meer realisties om hierdie probleem te benader vanuit die vraag of sesessie, of 'n voortsetting van die huidige toedrag van sake, meer ontwrigtend vir die algemene internasionale harmonie sal wees.¹⁶¹ Voorts, slegs deur die omvang van die ontwrigting wat waarskynlik sal voorkom indien sesessie deurgevoer word, teen 'n toestand wat sesessie verhoed, af te weeg,

158 *Ibid*, p. 321 en vn 14 waar hy verklaar: "An examination of the condition of existing States might suggest that many could not satisfy any reasonable test of economic viability. Nevertheless, this ought not by itself, to prevent the international community from employing a somewhat stricter standard for judging the viability of seceding entities. In one sense, the fact that international charity is already heavily burdened by States in economic difficulties is precisely what heightens the world community's anxiety over increasing this strain by legitimating any new claimants".
159 *Ibid*, p. 231.
160 *Idem*.
161 *Ibid*, pp. 231-232.

19 MAY 1993

A

530

kan die internasionale gemeenskap hierdie faktor akkuraat bepaal.¹⁶²

Die aard van die ontwinging wat uit suksesvolle sesessie kan voortspruit, is van tweërlei aard: (a) die effek van die skeiding op die oorblywende staat en ander state wat indirek betrokke is, en (b) die effek op die algemene internasionale orde. Omdat sesessie per definisie tot gevolg het dat die landsoppervlakte en die bevolking van die oorspronklike staat sal afneem, moet hierdie "verlies" bepaal word met verwysing na die ekonomiese belang van die sesesserende gebied vir sy vorige deelgenote en die strategiese waarde van die gebied en die bevolking.¹⁶³

Die omvang van ontwinging sal ooglopend hoog wees indien die sesessie dreig om die ekonomiese basis van die land te vernietig (soos die sesessie van Katanga); waar die oorblywende staat blootgestel word vir 'n aanval deur 'n vyandige buurstaat; waar die staat geografies in twee gedeeltes word deur die skepping van 'n nuwe entiteit tussen die oorblywende eenhede; waar toegang tot hawens of fasiliteite vir buitelandse handel en kommunikasie in die gevaar gestel word, ensovoorts.¹⁶⁴

Tweedens moet na die effek van die sesessie op die algemene internasionale orde gelet word. Hierdie vraagstuk is nou verwant aan die vermoë van die afskeidende entiteit om na afskeiding 'n onafhanklike bestaan te voer. Indien dit nie die geval is nie en internasionale hulp waarskynlik die middel sal wees waardeur die afskeidende eenheid aan die lewe gehou sal word, het die internasionale gemeenskap voldoende grond vir kommer. Ander oorwegings vir internasionale kommer mag ontstaan waar "ingeslote" minderhede in die sesesserende eenheid voorkom, die bereidheid van die nuwe entiteit om respek vir menseregte te bevorder, en die houding van die afskeidende eenheid jeens die fundamentele norme van internasionale optrede.¹⁶⁵

Laastens moet die internasionale gemeenskap homself voorberei vir die effek op sy eie struktuur van nuwe entiteite wat deur middel van die leerstuk van sesessionêre selfbeskikking mag ontstaan. Volgens Buchheit is dit duidelik dat waar die nuwe entiteit nie die kenmerke vertoon wat normaalweg vir staatwees verlang word nie,

"a legitimation of the secession must imply an international acceptance of some other unit of political association".¹⁶⁶

Volgens Buchheit hoef 'n akkommodasie van hierdie verandering in die struktuur van die internasionale orde nie so drasties te wees as wat met die eerste oogopslag blyk nie.¹⁶⁷

- 162 *Ibid*, p.232.
163 *Idem*.
164 *Idem*.
165 *Idem*, p.233.
166 *Idem*.
167 *Idem*.

Eerstens is die internasionale samelewing nie onbekend met nie-soewereine entiteite nie; dit het histories sulke strukture soos protektorate, kolonies, vry-stede, mandate, trusteeskappe, en geassosieerde state aanvaar, soos wat die behoefte ontstaan het.

Tweedens is die bekommernis om die wêreldkaart skoon te hou van entiteite wat nie die tradisionele vereistes vir staatwees vertoon nie - byvoorbeeld 'n voldoende basis van reserwes, 'n beduidende groot bevolking, en soewereine onafhanklikheid - nie meer 'n oortuigende argument nie.¹⁶⁸

Hierdie klassieke aanduiders van die vermoë om staat-wees te bewys, is feitlik geskrap deur die staatspraktyk na 1960, in terme waarvan 'n menigte klein entiteite op staatskap aanspraak gemaak, en dit deur die internasionale gemeenskap toegestaan is.¹⁶⁹

Die VVO het sedert 1961 'n baie meer buigsame benadering as die vroeëre Volkebond gevolg, deur *pro forma* erkenning te verleen aan gebiede van onbeduidende klein geografiese omvang, baie daarvan met bevolkings van minder as 1 000 000 - en sommige minder as 100 000 - sonder 'n sterk ekonomiese basis, en sonder enige beduidende "onafhanklikheid":

"Indeed, it is now difficult to imagine a territory so small and so fragile that it could not be recognized as a State under the present standards".¹⁷⁰

Derdens het die verandering wat die begrip "staat" ondergaan het, tot ernstige kommer met betrekking tot die probleme en status van sulke "mini-state" en "mikro-state", binne die internasionale orde, geleie.

Hiervan sê Buchheit:

"In short, we are not wholly unprepared for the transition to an international structure accommodating territorial units that are not sovereign States in the classic sense. Entities resulting from the operation of a doctrine of secessionist legitimacy, therefore, could either be granted the titular status of "States" under the current

168 *Idem*.

169 Sowel die ou Volkebond as die VVO het pogings aangewend om kriteria neer te lê vir beantwoording van die vraag wanneer 'n gebied vir selfregering geskik is. Vir die Volkebond se voorwaardes mbt die beëindiging van 'n mandaat, sien *League of Nations, Perm Mandate Comm'n*, 20th sess, pp 228-229; *League Doc C.422 M.*, 1931, p.176. Vir die pogings van die VVO, sien GA Res. 742, Annex, 8 UN. GAOR, Supp. 17, op pp 21, 22-23, UN Doc. A/2630, 1953, met die opskrif "Factors indicative of the attainment of independence or of other separate systems of self-government".

170 LC Buchheit, *supra*, p.233.

19 MAY 1968

A

531

expansive use of that term or, more realistically, be placed in a category such as that of an 'associated State' for purpose of participation in the international arena".¹⁷¹

2.5 VOLDOEN DIE AFRIKANERVOLK SE AANSPRAKE OP SESESSIONÊRE SELFBESKIKKING AAN DIE GEMEEN-REGTELIKE EN INTERNASIONALE-REGTELIKE LEGITIMITEITSTANDAARDE VIR SESESSIONÊRE SELFBESKIKKING?

(a) In Hoofstuk 1: "Die selfbeskikkingsreg van volkere"¹⁷² is reeds uitvoerig betoog dat die Afrikanervolk 'n etniese eenheid is wat vir doeleindes van die legitimiteitstandaarde vir sesessie, 'n voldoende groepsidentiteit vertoon, in terme waarvan aan die parogiale vereistes hierbo bespreek, voldoen is. In hierdie verband word die aandag weer eens op afdeling B van die werk *Volk en Kerk*¹⁷³ gevestig, waar die aard en struktuur van die volksverband meer uitvoerig ondersoek word.

Die aandag word ook gevestig op die onlangse proefskrif van B de Villiers, *Die Staatsregtelike Beskerming van Outonome Besluitneming van Minderheids-groepe*¹⁷⁴ waar die outeur die volgende standpunte stel:

(i) Met betrekking tot die beskerming van etniese groepe:

"Hierdie implisiete of eksplisiete erkenning dat dit 'n etniese groep is wat beskerm word, blyk 'n meer positiewe en suiwer benadering te wees as wat tot dusver in die volkereg neerslag vind. Die groepe wat erken en beskerm word se lede verenig hulle in al drie gevalle rondom etniese gemeenskaplikhede soos taal, kultuur en geloof".¹⁷⁵

(ii) Met betrekking tot die etniese groep as regspersoon:

"Ten einde 'n etniese groep *grondwetlik* as regspersoon te erken word die volgende omskrywing as vertrekpunt aanbeveel:

"'n Etniese groep is enige relatief permanente groepering individuele burgers van 'n staat wat oor sekere gemeenskaplike godsdienstige, kulturele, rasse, linguïstiese en/of tradisionele

171 *Ibid.*, p.234. Sien ook bv W Reisman, *Puerto Rico and the International Process: New Roles in Association*, 1975, pp.9-20 waar hy terloops vra: "If association were made more explicit, might not erstwhile secessionist movements such as Biafra and the Southern Sudan have been resolved more quickly and peacefully?" op p.20. Sien ook K Deutch, *Nationalism and its Alternatives*, 1969; Brodenck, "Associated Statehood: A New Form of Decolonization", 17 *International and Comparative Law Quarterly*, 1968, p.368.

172 *Supra.*

173 AWG Raath, *Volk en Kerk: 'n Bespreking van Enkele Aspekte van Kerk en Samelewing*, NG Kerk-Boekhandel, 1989.

174 LL.D-proefskrif, Unisa, 1989.

175 *Ibid.*, p.3922.

kenmerke beskik wat hul van die res van die bevolking onderkei, en wat hulself vir sekere doeleindes vrywillig met mekaar verenig en wat eksplisiet of implisiet die behoefte toon om hul eiesoortige identiteit binne groepsverband te behou en te ontwikkel".¹⁷⁶

(iii) Met betrekking tot die vraag aan watter entiteite outonomie toegeken kan word:

"Die outonomie waaroor 'n etniese groep kan beskik word normaalweg uiteengesit deur die grondwetlike bepalings of in voortvloeiende wetgewing. Die outonomie kan dus aan die groep as sodanig toegeken word, of dit kan aan die geografiese gebied en sodoende indirek aan die groep, gewaarborg word. In beide gevalle behoort die deeleenheid, indien daar op die grondwetlike outonomie daarvan inbreuk gemaak word, oor *locus standi* te beskik om korrektiewe optrede voor 'n geregshof te vereis".¹⁷⁷

(iv) Met betrekking tot die vraag na die kwaliteit van outonomie van etniese groepe:

"... die outonomie van etniese groepe (is) van veel groter kwantiteit wanneer dit berus op 'n territoriale verdeling van bevoegdhede".¹⁷⁸

(b) In sy verhandeling *Die Volkstaat as Alternatief vir die Polities-Staatkundige Herstrukturering van Suid-Afrika*,¹⁷⁹ wys J de Vos daarop dat die afbakening van 'n eie grondgebied vir die Afrikanervolk 'n wesentlike alternatief is om die politiese en staatkundige konflik in Suid-Afrika te minimaliseer.

(c) Sowel uit die Romeins-Hollandse reg as die Engelse reg - wat die basis van die Suid-Afrikaanse gemene reg vorm - blyk 'n toenemende positiewe erkenning van die reg van sesessionêre selfbeskikking.

(d) Die aanspraak van die Afrikanervolk op sesessionêre selfbeskikking is in ooreenstemming met die internasionale legitimiteitstandaarde in hierdie verband. Benewens die feit dat aan die parogiale vereistes voldoen word, kan sesessionêre selfbeskikking verleen word met bevrediging van die internasionale vereistes in hierdie verband en ter bevordering van internasionale vrede en orde in die internasionale stategemeenskap.

Die belangrikste is egter dat dit 'n belangrike komponent in die totale oplossing van die staatkundige problematiek in Suid-Afrika is; 'n faset wat ons graag as een aspek van 'n multi-dimensionele oplossing van die staatkundige problematiek in ons land met vrymoedigheid, maar met biddende erns, aan die regering voorlê.

176 *Ibid.*, pp. 395-396.

177 *Ibid.*, p.405.

178 *Ibid.*, p.407.

179 M.A.-verhandeling, UOVS, 1990.

19 11 1989

A

532